# ProAgri

tegnologie vir die boer
technology for the farmer

No / Nr 304
ISSN 1042 - 1558

**Gratis / Free**

PIONEER®




## NAMPO 2025 hoogtepunte: Boere beleef vernuwende landboutegnologie

## Boerbok verkoop vir R2,3 miljoen

# Pioneer veldfeite: **Waarom moet ek nie saad terughou nie?**




# A TRACTOR FOR EVERY FARMER

**Find out more by scanning the QR Code**
or visit our website: www.masseyferguson.com/en_afr.html

MASSEY FERGUSON

E&OE



# 'n Seisoen
## van saamstaan en vooruitkyk

NAMPO het weer eens bewys waarom dit die grootste landbouskou in die Suidelike Halfrond is. Vier dae lank het die landbousektor saamgekom – boere, verskaffers, kundiges en families – om die nuutste tegnologie te beleef, hande te vat, en idees uit te ruil.

Die gees van samewerking en vernuwing was tasbaar in elke saal en op elke standplaas, tussen die proewe geplant en op elke paadjie tussen uitstallings.

Die ProAgri-span het met trots mediadekking tydens die geleentheid gedoen, internasionale rolspelers ontmoet en inligting ingesamel om met ons boere en lesers te deel – en ons sê dankie vir elke boer, rolspeler en onderneming vir julle bydrae tot 'n ongelooflik suksesvolle week.

In hierdie uitgawe deel ons 'n paar van die NAMPO-hoogtepunte wat ons opgewonde maak oor die toekoms van landbou. Pioneer deel van hulle praktiese veldfeite en kundige raad wat boere help om ingeligte besluite op grondvlak te neem. Ons kyk ook na iets besonders: 'n boerbok met die naam Next Level wat onlangs vir 'n ongelooflike R2,3-miljoen verkoop is – 'n bewys van hoe genetika en teelwaarde 'n nuwe standaard in die bedryf stel.

Verder wys Gallagher vir ons dat sukses nie net in produkte gemeet word nie, maar ook in betrokkenheid. Hulle het pas gehelp om 'n bedreigde jagluiperd 'n nuwe tuiste te gee by die Karongwe Private Wildreservaat – 'n projek wat wys hoe landbou en bewaring hand aan hand kan gaan.

NAMPO herinner ons telkens daaraan hoe veerkragtig en vooruitstrewend die landbougemeenskap is. En dit is presies wat ons nodig het – veral nou, soos ons besef: ons het die halfpadmerk van 2025 bereik.

Die eerste ses maande van die jaar het ons almal voor unieke uitdagings en geleenthede gestel – van onvoorspelbare weerpatrone tot skerp insetkostes, maar ook nuwe markte en sterker vennootskappe. Nou is dit tyd om asem te haal, terug te kyk, en strategies vorentoe te kyk. Wat het gewerk? Waar kan ons aanpas? Hoe bou ons voort op momentum?

By ProAgri bly ons toegewyd daaraan om elke maand vir jou toepaslike, praktiese en vernuwende landbou-inhoud te bring. Ons wil jou nie net inlig nie – ons wil jou bemagtig. Mag die winter vir jou 'n tyd van voorbereiding wees – vir beplanning, vir grondherstel, en vir groei, sodat die tweede helfte van 2025 jou beste nog kan wees.

**Landbou groete!**
**Bianca Henning**
**bianca@proagri.co.za**

## Inhoudsopgawe / Contents


**Voorbladartikel**
3. Pioneer se veldfeite: Waarom moet ek nie saad terughou nie?

**Gewasproduksie**
7. Corteva Crop Protection puts our citrus farmers first
9. Aanplant van doringlose turksvye as alternatiewe veevoer: Deel 3
15. Herskeppende boerdery: Die toekoms van landbou

**NAMPO 2025**
19. NAMPO 2025: Waar wêreldklas landbou met plaaslike vindingrykheid saamkom
22. Boer slimmer, nie harder: Valtrac wys hoe by NAMPO 2025
25. NMI het grootskaalwerktuie vir grootskaalboere
26. PTx: Die nuwe naam in presisieboerdery wat boere bemagtig

**Meganisasie**
31. Supa Quick keeps Southern Africa's farmers moving
33. New Holland T6000-trekkerreeks
35. Cerealis maak die beste planters beter

**Vee en Wild**
36. Hittestremming deel 4: Beskerm jou varke teen hoë temperature
39. Boerbokram reik na die sterre met prys van R2,3-miljoen
40. Gallagher powers conservation efforts for cheetah















## Op ons voorblad

**Teruggehoude saad mag dalk soos 'n besparing lyk, maar dit kan jou opbrengs duur te staan kom. Pioneer verduidelik waarom gesertifiseerde saad 'n belegging is – en nie 'n koste nie. Lees meer op bladsy 3.**





ProAgri
Posbus 72707, Lynnwoodrif /
Rossouwstraat 577
Die Wilgers, Pretoria
079-515-8708
www.proagri.co.za



Copyright © 2025. All rights reserved. No material, text or photographs may be reproduced, copied or in any other way transmitted without the written consent of the publisher. Opinions expressed are not necessarily those of the publisher or of the editor. We recognise all trademarks and logos as the sole property of their respective owners. ProAgri shall not be liable for any errors or for any actions in reliance thereon.



**Redakteur tydskrif en aanlyn**
Bianca Henning > 082-326-2572
bianca@proagri.co.za

**Verslaggewers**
Natasha Pretorius > 083-468-2653
natasha@proagri.co.za
Jaco Cilliers > 071-893-6477
jaco@proagri.co.za
Benine Ackermann > 073-105-6938
benine@proagri.co.za

**Bemarkingsbestuurder**
Diane Grobler > 082-555-6866
diane@proagri.co.za

**Bemarkers**
Xander Pieterse > 062-391-6507
xander@proagri.co.za
Johan Swartz > 071-599-9417
johan@proagri.co.za
Tiny Smith > 082-698-3353
tiny@proagri.co.za
Kevin Greef > 078-374-8597
kevin@proagri.co.za
Sheré Holtzhausen > 084-560-0123
shere@proagri.co.za

**Skeppende bestuurder**
Michelle Kruger > michelle@proagri.co.za

**Uitleg en ontwerp**
Anja Oosthuizen, Jamie-Lee Botha & Cara Watson

**Kliëntverhoudingsbestuurder**
Carin Swartz > 084-233-0123
carin@proagri.co.za

**Navrae**
Engela Botha > 084-088-0123
engela@proagri.co.za

**Rekeninge**
Ronel Schluter > accounts@proagri.co.za

**Verspreiding en intekening**
Nita Volmer-van Zyl > 079-515-8708
nita@proagri.co.za

**Sakebestuurder**
George Grobler




TO FIND A DEALER NEAR YOU, SEE CONTACT DETAILS BELOW:
WWW.ULTRANEXUS.CO.ZA | WHOLESALE@ULTRANEXUS.CO.ZA

ULTRANEXUS
DISTRIBUTORS OF WORLD LEADING BRANDS



## Pioneer se veldfeite:

# Waarom moet ek nie saad terughou nie?

**Artikel voorsien**

Saad bevat die kiem van lewe, die belofte van groei. Dit is die natuur se wonderwerk in die bewaring van identiteit van variëteite. Dit verseker dat die identiteit deurlopend van een geslag na die volgende oorgedra word. Tog is die voorkoms van basterkrag in kruisteling 'n besonderse wonderwerk wat geweldige ekonomiese voordeel vir die boer inhou.

Die praktyk om saad van oop bestuifde gewasse van die vorige oes vir die nuwe plantseisoen te hou, is kortsigtig en word ten sterkste afgeraai. Die oesresultate is wisselvallig en onvoorspelbaar en kan die boer duur te staan kom.

Die gebruik van goeie saad word allerweë as basiese vereiste vir ekonomiese gewasproduksie erken en aanvaar. Daarom is dit belangrik om te kyk na die faktore wat saadgehalte nadelig beïnvloed en die voorsorg wat getref word om saad van hoë gehalte aan die produsent te voorsien.

### Genetiese gehalte

Genetiese gehalte dui daarop dat saad geneties suiwer is en dat 'n saadlot slegs saad met die egte bekende eienskappe van die variëteit bevat. Planttelers manipuleer gene om uiteindelik 'n besonderse kultivar tot die planterykdom van 'n gebied toe te voeg. As die saad van so 'n kultivar nie suiwer is nie, sal die potensiaal van die kultivar nie ten volle deur die boer benut kan word nie.

Saad wat nie aan die beskrywing van die spesifieke kultivar voldoen nie, kan toegeskryf word aan:

### Uitkruising

Hoewel 'n kleingraan, soos koring en sojabone, hoofsaaklik selfbestuiwend is, kan uitkruising ook soms voorkom. Afhangende van omgewingstoestande soos hoë temperature, lae omgewingstemperature, droogtestremming tydens blomtyd, asook inherente genetiese vermoë tot uitkruising, kan soveel as 5% kruisbestuiwing somtyds plaasvind, wat afwykende plante voortbring.

### Fisiese vermenging

Fisiese saadvermenging kan op enige stadium van produksie en/of verwerking plaasvind. Goeie beheer begin reeds so vroeg as moontlik voor planttyd om toe te sien dat die land waarop die produksie beplan word, vry is van opslagplante of enige gewasse waarvan die saad nie meganies geskei kan word nie.

Alle toerusting wat by die plantproses gebruik word moet skoon en vry van enige vreemde saad wees. Goeie beheer is noodsaaklik met die oortap van saad in ander sakke of houers waar daar van een kultivar tot 'n ander oorgegaan word tydens planttyd. Alle afwykende plante moet tydens die groeiperiode verwyder word. In die praktyk moet 'n "aftipe" dadelik verwyder word, want later in die groeiseisoen is die plant nie meer maklik sigbaar nie.

Tydens die stroop-, versending- en verwerkingsproses moet daar gesorg word dat alle sakke, houers en toerusting vry van enige vreemde saad is. Die grootste vermenging van saad vind plaas deur kommersiële stropers wat prakties feitlik onmoontlik is om volledig skoon te maak.

Om hierdie rede is dit noodsaaklik dat die teler op 'n enkelplantbasis gereeld suiwer saad sal voorsien, afkomstig van saad wat klinies suiwer hanteer is. Daarom is dit noodsaaklik dat boere suiwer saad aankoop om die volle potensiaal van 'n kultivar te kan benut.

### Fisiese gehalte

#### Vreemde materiaal

Fisiese suiwerheid beteken dat saad vry is van enige sigbare onsuiwerheid en impliseer die afwesigheid van klippies, plantreste, diereresté, graaninsekte en sade van ander gewasse en onkruide.

Reeds met die oesproses kan masjiene so ingestel word dat die minimum vreemde materiaal verkry word. In sommige gevalle is die onsuiwerhede net so groot soos 'n graankorrel en is dit onmoontlik om dit met normale verwerkingstegnieke van die saad te skei.

### Beskadigde saad

#### Beheerbare faktore

Korrekte instel van oes- en verwerkingsmasjiene verhoed dat graan meganies beskadig word wat dalk kan lei tot laer ontkieming. Te hoë dromspoed en verkeerde konkaafverstelling veroorsaak gebreekte pitte. Insekbeheer in die groeistadium is belangrik, aangesien skade wat deur bolwurm op saad


Bonnox
(PTY) LTD
Fencing Manufacturers
Manufacturers
of world class
GAME &
LIVESTOCK
FENCING
HINGEJOINT®
RINGLOK®
(+27) 12 666 8717
ZANE
(+27) 76 169 9068
zane@bonnox.co.za
GERDA
(+27) 81 865 4543
gerda@bonnox.co.za
LINDA
(+27) 72 704 8764
linda@bonnox.co.za
WWW.BONNOX.CO.ZA
Speak to our friendly staff about our special offers!
AVOID POOR IMITATIONS AND BUY DIRECTLY FROM THE ONLY BONNOX FACTORY, SITUATED IN SUNDERLAND RIDGE, CENTURION
ONLY A BONNOX INVOICE SERVES AS A CERTIFICATE OF AUTHENTICITY.

aangerig word, moeilik verwyderbaar is. Skuurinsekte soos kalander en graanmotte rig groot skade aan en moet voorkom word.

### Nie-beheerbare faktore

Omgewingstoestande tydens die groei- en saadontwikkelingstadium bepaal grotendeels die gehalte van saad. Oormatige hitte sowel as baie lae temperature gedurende die melk- en deegstadium kan maer en verrimpelde sade voortbring, terwyl koueskade in die laatdeegstadium 'n geriffelde en los saadhuid veroorsaak. Langdurige nat en bewolkte toestande kan nie net sade laat uitloop nie, maar kan ook skepelgewig drasties verlaag. Die plant van verweerde saad kan onder ongunstige toestande swak kiem- en groeikragtigheid veroorsaak.

### Siektes

Wanneer epidemiese besmetting van stam- en blaarroes voorkom, benadeel dit saadgehalte drasties as gevolg van verweerde pitte. Sekere siektes veroorsaak ook verkrimpte, verweerde en dowwe pitte wat meestal tydens die verwerkingsproses verwyder kan word. Patogene van saadgedraagde siektes kan slegs met goeie chemiese saadbehandelingsmiddels beheer word.

### Kiemkragtigheid

Dit dui die persentasie saad aan waarvan gesonde plante verkry kan word om 'n optimum plantestand te lewer. Hoë ontkieming is noodsaaklik om ekonomiese redes. Omgewingstoestande soos hoë en lae temperature, te veel reën wat sade in die aar/peul laat uitloop, kan bydra tot swak ontkieming. Faktore wat ontkieming beïnvloed waaroor daar beheer is, is die volgende:

- Stroop van saad teen die ideale vogpersentasie.
- Korrekte instel van masjinerie.
- Berging van saad in gekontroleerde temperatuur en vogtoestand.
- Saad verloor kiemkragtigheid namate dit verouder en die proses word versnel by hoë opbergingstemperature (bo 15 °C).

### Groeikragtigheid

Groeikragtigheid kan omskryf word as die "vermoë" van saad om onder 'n wye reeks wisselende omgewingstoestande 'n vinnige en eenvormige opkoms van normale saailinge te gee.

### Groeikragtigheid kan deur die volgende faktore beïnvloed word:

Elke kultivar beskik oor 'n inherente vlak van saadgroeikragtigheid wat deur sy genetiese samestelling bepaal word. As die moederplant aan stremmingstoestande blootgestel word, kan die groeikragtigheid van die saad benadeel word.

As die saad onvolwasse is wanneer dit geoes word, sal die groeikragtigheid nie na wense wees nie.

Saad toon maksimum kiem- en groeikragtigheid wanneer dit fisiologies volwasse is, dit wil sê wanneer maksimum droëmassa op moederplant bereik word. Hierna neem groeikragtigheid met die verloop van tyd af teen 'n tempo wat eie aan elke spesie is.

As saad mishandel word tydens droging, skoonmaak en gradering, kan die groeikragtigheid daarvan afneem.

Opbergtoestande wat nie optimaal is nie, laat die saad se groeikragtigheid vinnig agteruitgaan. Hoë temperature en hoë humiditeit in 'n skuur moet vermy word.

Die gebruik van saad van goeie, beproefde genetiese en fisiese gehalte is by alle gewasse van kardinale belang. Korrek geproduseerde saad, afkomstig van hoë tegnologiese verwerking en hantering, is die boer se beste polis vir suksesvolle gewasverbouing.

**Vir meer inligting of navrae kan boere Pioneer kontak deur 'n e-pos te stuur na info.rsa@pioneer.com, of besoek hulle webwerf by www.pioneer.com/za.**






## Delegate® 250 WG

Jemvelva® active

**INSECTICIDE**

Control of Thrips, False Codling Moth & Bollworm

## Closer® 240 SC

Isoclast® active

**INSECTICIDE**

Control of Citrus Thrips & Mealybugs

## Tracer® 480 SC

Qalcova® active

**INSECTICIDE**

Control of Citrus Thrips & Bollworm

## GF-120™ NF

Qalcova® active

**INSECTICIDE**

Control of Fruitflies

**Scan This Code To View Our Citrus Webpage**

**FOR MORE INFORMATION CONTACT THE REGISTRATION HOLDER:** Corteva Agriscience RSA (Pty) Ltd · Reg. No. 1991/003030/07 • **Paarl** +27 (0) 21 003 8259 • **Centurion** +27 (0) 12 683 5700 • 2nd Floor, Building A, Lakefield Office Park, 272 West Avenue, Centurion, 0157, Gauteng, Republic of South Africa.

**ALWAYS USE ACCORDING TO LABEL RECOMMENDATIONS:** Closer® 240 SC contains Isoclast® (sulfoxaflor) (240 g/l) • Reg. No. L9694 | Act No. 36 of 1947 | HAZARD STATEMENT(S) Very toxic to aquatic life with long lasting effects. • Delegate® 250 WG contains spinetoram (250 g/kg) • Reg. No. L8392 | Act No. 36 of 1947 | WARNING HAZARD STATEMENT(S) Very toxic to aquatic life with long lasting effects. • GF-120™ NF contains Qalcova® (spinosad) (0,24 g/L) • Reg. No. L7331 | Act No. 36 of 1947 | HAZARD STATEMENT(S) Harmful to aquatic life with long lasting effects. • Tracer® 480 SC contains Qalcova® (spinosad) (480g/L) Reg. No. L6557 | Act No. 36 of 1947 | WARNING HAZARD STATEMENT(S) Very toxic to aquatic life with long lasting effects. ™ ® Trademarks of Corteva Agriscience and its affiliated companies. © 2024 Corteva.

CLOSER® 240 SC DELEGATE® 250 WG TRACER® 480 SC

**DOWNLOAD OUR CORTEVA FARMFUNDI APP FOR MORE RESOURCES**

Available on the App Store · GET IT ON Google Play

CORTEVA agriscience

Visit us at **corteva.co.za**



# Corteva Crop Protection puts our citrus farmers first

**Article supplied**

South Africa is one of the world's leading citrus producers, exporting high-quality fruit to international markets while supplying local consumers with fresh and nutritious produce. However, without crop protection, the citrus industry would face devastating consequences, affecting fruit quality, food safety, and economic sustainability.

### What would citrus farming look like without crop protection?

Without crop protection, citrus orchards would be vulnerable to an overwhelming number of pests and diseases that could destroy entire harvests. Common threats like thrips, mealybugs and fruit flies would spread unchecked, drastically reducing yields and making fruit unfit for sale. Farmers would struggle to maintain orchard productivity, leading to increased fruit shortages and higher prices for consumers.

### Fruit flies: A major threat to citrus

One of the most significant threats to South African citrus farming is fruit flies, particularly the Mediterranean fruit fly *(Ceratitis capitata)* and the Natal fruit fly *(Ceratitis rosa)*. These pests lay their eggs inside citrus fruit, and once the larvae hatch, they feed on the pulp, causing internal rot and making the fruit unsuitable for consumption or export.

Without effective crop protection measures, fruit fly populations would explode, leading to massive losses for citrus growers. The presence of fruit flies in exported citrus can also result in strict trade restrictions, jeopardising South Africa's access to key international markets.

To combat this threat, farmers rely on products and solutions from Corteva Crop Protection to assist them in their integrated pest management strategies, including monitoring, baiting, and targeted treatments, ensuring that fruit remains pest-free and meets global quality standards.

### The impact on food quality and safety

In the absence of crop protection, citrus fruit would be highly susceptible to fungal infections, bacterial diseases, and insect infestations. This would not only compromise the appearance, taste, and shelf life of citrus but could also lead to health risks if contaminated fruit enters the food supply chain.

### Why crop protection is essential

Modern crop protection solutions — including integrated pest management, biological controls, and targeted crop protection products — help citrus farmers manage threats while maintaining sustainable farming practices.

### These solutions ensure:

- **Consistent high-quality produce:** By preventing disease and pest damage, farmers can deliver citrus fruit that meets global food safety and quality standards.
- **Economic sustainability:** Protecting crops from devastation allows farmers to maintain profitable businesses, support rural communities, and contribute to South Africa's agricultural economy.
- **Food security:** With effective crop protection, South African consumers and international markets can continue to rely on a steady supply of nutritious, high-quality citrus.

### Our citrus portfolio helps farmers to mitigate risk, and avoid crop damage and yield losses:

- Closer 240 SC (Isoclast Active) - Reg. No. L9694 - Controls both citrus thrips and mealybugs by providing excellent knockdown and residual activity.
- Delegate 250 WG (Jemvelva Active) - Reg. No. L8392 - Class leading control of thrips and false codling moth. Certified by the EPA as Green Chemistry.
- GF-120 NF (Qalcova Active) - Reg. No. L7331- Ready to use organic bait concentrate for targeted control of fruit flies, including Mediterranean fruit fly *(Ceratitis capitata)* and the Natal fruit fly *(Ceratitis rosa)* and others.

### Corteva Crop Protection: Putting farmers and consumers first

It is essential for ensuring safe, high-quality citrus that meets consumer expectations and global trade requirements. Without it, South Africa's citrus industry would face severe losses, food safety risks would rise, and economic stability in the agricultural sector would be jeopardised. By investing in responsible crop protection solutions, we safeguard the future of citrus farming and secure a sustainable food supply for generations to come.

At Corteva Crop Protection, we are committed to supporting both those who produce food and those who consume it. Our innovative crop protection solutions are designed to help farmers overcome challenges while ensuring that citrus yields remain high, and fruit quality meets global standards.

We prioritise sustainability by developing environmentally sound products that minimise impact on ecosystems while maximising efficiency. Through science-driven innovation and responsible agricultural practices, we empower farmers to grow more with less, securing a future where safe, nutritious food is available to all.

**Corteva Crop Protection: Advancing agriculture, enriching lives. Putting farmers first.**

**To find out more about our Corteva Crop Protection innovations, key benefits and important label information, please visit our website - https://www.corteva.co.za, OR download the Corteva FarmFundi App via the App Store or Google Playstore.**

SHELL
LUBRICANT
SOLUTIONS

# Win

## Gear Up for Harvest and the Future

## Stand a chance to win a State-of-the-Art Smart Crop Spraying Drone!

Shell Lubricant Solutions understands the importance of uptime in farming operations. We are fully committed to ensuring sustainable and profitable operations by providing high quality lubricants supported by state-of-the-art technologies and technical services. This season, we are taking farming to the next level by giving away a state-of-the-art smart crop spraying drone. Set trends in farming this season and enjoy the benefits of optimum Farming operations.



### How to Enter

1. **Purchase** 5L or more of Shell Spirax S3T, S4 TXM, Rimula R4 X or Gadus S2 V220 2
2. **WhatsApp** Message **Shell Farm of the Future** to 087 250 0071
3. **Submit** Follow the prompts & upload your purchase slip

01 May – 31 July 2025

T & Cs apply. Images for illustration purposes only. Actual prize may vary.

**Buy. Enter. Power through harvest and into the future with Shell.**




SHELL SUPPORTING
FARM
OF THE
FUTURE

LEARN MORE

# Aanplant van doringlose turksvye as alternatiewe veevoer: Deel 3

deur Bianca Henning

Doringlose turksvye *(Opuntia spp.)* is besig om vinnig naam te maak as 'n volhoubare en kostedoeltreffende bron van veevoer, veral in droër streke waar tradisionele weiding onder druk is. Bo en behalwe sy voedsaamheid en waterhouvermoë, bied die plant ook ekonomiese geleenthede vir boere wat hul produksiebasisse wil diversifiseer.

Om suksesvol met turksvye te boer, is dit egter noodsaaklik om 'n deeglike begrip te hê van plae en siektes wat die plant bedreig, asook van die regte bestuurspraktyke soos onkruidbeheer en snoei. In hierdie derde aflewering van ons reeks kyk ons na sleutelpraktyke om plantgesondheid en opbrengspotensiaal te vermeerder.

## Plaag- en siektebeheer


### Turksvymot *(Cactoblastis cactorum)*

Hierdie mot verskyn hoofsaaklik in twee seisoene: vanaf September tot Oktober, en weer van Februarie tot Maart. Ná uitkoms paar die motte binne twee dae en begin wyfies reeds die volgende dag om eierstokkies op die plant se doringpunte te lê. Die eiers broei binne ure uit en die jong larwes dring die kladodes binne, waar hulle oor 'n tydperk van drie tot vier maande tot volwasse, helder oranje larwes met swart strepe ontwikkel.

Beheerstrategieë behels die tydige verwydering van besmette eierstokkies en kladodes. Hierdie materiaal moet onmiddellik uit die boord verwyder en vernietig word om verdere verspreiding van die plaag te voorkom.



Bron: www.aphis.usda.gov)




**Die lewensiklus van die turksvymot; (a) volwasse mot, (b) eierstokkies, (c) eiers wat uitbroei, (d) volwasse larwes, (e) simptome op blad en (f) kokonne.**

### Kosjeniel *(skarlakenluis)* *(Dactylopius spp.)*

Kosjeniel-insekte vorm gewoonlik kolonies op die blaaie. Die wyfies bedek hulleself met 'n wasagtige laag wat hulle teen die omgewing beskerm, wat dit moeilik maak om hulle raak te sien. Elke wyfie kan tot 1 000 eiers lê, waarvan die nimfe vinnig uitbroei en maklik versprei – veral op warm dae wanneer hulle met hulle haartjies deur die wind na ander plante oorgedra word.

Hierdie insekte voed op die sap van die plant en skei 'n giftige stof af wat die kladodes mettertyd doodmaak. Spesifieke insekdoders kan doeltreffend wees mits die waslaag eers gebreek word, aangesien dit andersins as 'n beskermende versperring dien. Die gebruik van sprinkaanspuite is egter nie doeltreffend nie en word dus nie aanbeveel nie.

Waar ernstige besmetting voorkom, kan sistemiese middels soos Kohinor of Bandit aangewend word. Let egter daarop dat hierdie middels nie spesifiek vir turksvye geregistreer is nie en dus op eie risiko gebruik word.





**Kosjenielbesmetting.**


PULSAR
THERMAL & DIGITAL
TECHNOLOGIES
STREAM VISION 2
MERGER LRF XL50
1024
768
@12µm
Sensitive thermal imaging sensor
2300 m
Long detection range
F50/1.0
Fast objective lens
Pulsar SA
TO FIND A DEALER NEAR YOU, SEE CONTACT DETAILS BELOW:
WWW.ULTRANEXUS.CO.ZA | WHOLESALE@ULTRANEXUS.CO.ZA
ULTRANEXUS
DISTRIBUTORS OF WORLD LEADING BRANDS

## Swartvrot en sagte bruinvrot

Let op vir swart of donkerbruin kolletjies op die rande of oppervlak van die kladodes – 'n duidelike teken van swartvrot of sagte bruinvrot. Sodra sulke simptome opgemerk word, moet aangetaste blaaie onmiddellik afgesny word. Maak seker dat snoeigereedskap na elke plant deeglik ontsmet word. Die afgesnyde blaaie kan as veevoer gebruik word, maar moet weg van die boord gevoer word om herbesmetting te voorkom.



## Onkruidbeheer

Turksvye het 'n uiters vlak wortelstelsel – tot 80% van die wortels lê minder as 10 cm onder die oppervlak. Dit beteken dat onkruid direk meeding vir beskikbare vog, wat groeipotensiaal kan benadeel. Onkruidbeheer moet dus met sorg toegepas word.

Meganiese metodes soos skoffels of tandimplemente word nie aanbeveel nie omdat dit die wortelstelsel kan beskadig. In gebiede waar grasse problematies raak, kan 'n grasdoder soos Agil gebruik word. Soos met die plaagbeheermiddels, moet boere egter kennis neem dat dit nie spesifiek vir turksvye geregistreer is nie en dus op eie risiko aangewend word.

## Besproeiing


Alhoewel volwasse turksvye kan oorleef met so min as 200 mm water per jaar, is die optimale reënval vir vrugteproduksie tussen 400 tot 600 mm/jaar afhangende die grondtipe. Redelike vrugopbrengste kan in somerreënvalgebiede in droëlandtoestande behaal word, maar waar die reënval tydens die vrugontwikkelingstydperk (September tot Februarie) minder as 300 mm is, behoort aanvullende besproeiing toegepas te word. Drupbesproeiing op swaarder gronde en mikrospuite op sanderige gronde is ideaal waar water skaars is. Ongeveer 20 tot 25 mm water/ha per besproeiing is voldoende. Boere moet let op die opgeloste soutinhoud van besproeiingswater aangesien turksvye sensitief is vir hoë soutvlakke.

## Snoei


In boordtoestande waar voldoende water en voeding beskikbaar is, groei turksvye weelderig. Jaarlikse snoei is dus belangrik, nie net om vorm en grootte te beheer nie, maar ook om plaagbeheer te vergemaklik – veral teen kosjeniel, wat graag in digte, oorgroeide areas skuil.

**Snoeiriglyne sluit in:**

- Behou slegs twee dogterkladodes per moederkladode.
- Plante moet nie hoër as 2 meter groei nie.
- Takke moet nie aan die grond raak nie.
- Vermy oorvleueling of kontak tussen blaaie – dit skep skuilings vir plae en beperk die doeltreffendheid van bespuiting.
- Verwyder en vernietig alle kladodes wat tekens van siekte of plaagbeskadiging toon.
- Alle gesnoeide materiaal en plantrommel onder die bome moet onmiddellik uit die boord verwyder word.



**Snoeiriglyne tydens die tweede en derde jaar na aanplanting (Liguori et al., 2015).**



**Deur hierdie praktyke toe te pas, kan boere gesonde turksvyplantasies handhaaf en die maksimum waarde as alternatiewe veevoer ontsluit. In deel 4 kyk ons na voerproduksie.**

**Bronverwysing**

**Witkraal. (2022, Maart). *Turksvye as veevoer* [PDF]. Witkraal Boerdery.**

**Vir enige ander navrae, besoek Witkraal Boerdery se webwerf by www.witkraal.co.za.**



NEW MARKET MOTOR CO.
START / FINISH
mahindra
ALBERTON
PIKUP
DOUBLE CAB
GET UP TO
R65 000
DEAL ASSISTANCE
Starting From
R6 999p/m
5 YEARS 150 000KM* WARRANTY
24HR TEST DRIVE
*T's & C's Apply
Exclusive to Mahindra Alberton

NEW MARKET MOTOR CO.
START / FINISH

mahindra
ALBERTON

SCORPIO N

# SA'S FAVOURITE
# ADVENTURE SUV

## GET UP TO R65 000 DEAL ASSISTANCE

FROM ONLY R7 999PM*
ZERO DEPOSIT. ZERO BALLOON PAYMENT




5 YEARS 150 000KM* WARRANTY

24 HR TEST DRIVE
*T's & C's Apply

Exclusive to Mahindra Alberton

*T's & C's Apply. E&OE

# OUR WIDE VARIETY OF PRODUCTS

- BUTTERFLY & WAFER VALVES
- CAMLOCK FITTINGS
- CLAMPS
- COMPRESSION & SADDLES
- DRIPLINE IRRIGATION
- FERTILIZER TANKS
- FITTINGS FOR PVC PIPES
- FLANGES & JIS
- IRRIGATION FILTERS
- MALLEABLE FITTINGS
- MULTI-RANGE FITTINGS
- POLY PROP FITTINGS
- QUICK COUPLING FITTINGS
- QUICK COUPLING ACCESSORIES
- QUICK COUPLING HDPE SYSTEMS
- SIME GUNS
- SOLVENT WELD
- TANK CONNECTORS
- VALVES & BRASS FITTINGS
- VYRSA

# INCREASE YOUR YIELD

*with quality irrigation*





IRRIGATION UNLIMITED
SINCE 2003

**www.iunlimited.co.za**

Wholesale supplier and distributor of a wide range of irrigation products

wahl INDUSTRIES · TOMMY · Cascade · VENICE · OCMIS · ROTRIXAFRICA MECHANISED IRRIGATION SYSTEMS BUILT TO IRRIGATE AFRICA · VYRSA · sime · ming · GOLD MEDAL · KLEBOC · OYA

*Proudly distributed by* IRRIGATION UNLIMITED

Tobie Van Den Heever +27 82 658 6054
Henko Cilliers +27 71 303 8829

**FIND YOUR NEAREST DEALER**
**PTA** +27 12 736 2121 | **CPT** +27 21 946 1194



# HERSKEPPENDE BOERDERY: Die toekoms van landbou

deur Natasha Pretorius

Die toekoms van boerdery berus op die toekoms van ons planeet. Een van die grootste bedrywe wat aan tegnologiese vooruitgang in die rigting van volhoubaarheid werk, is die landbousektor. Die rede hiervoor is eenvoudig; Landbou maak staat op die natuurlike hulpbronne van ons planeet.

Hulle sê wanneer iets moeilik raak om te bestuur, moet jy terugkeer na die basiese beginsels en dit is presies wat herskeppende boerdery is, om jou grond te laat terugkeer na sy basiese samestelling. Meer boere wêreldwyd wend hulle tot herskeppende boerdery aangesien dit die toekoms van landbou is. Hierdie praktyk pak die kritieke uitdagings wat boere wêreldwyd in die gesig staar aan, met bykomende voordele vir die ontwikkeling van jou gewasse.
Daar word beraam dat 33% van wêreld se grond verswak word. Herskeppende boerdery herbou verswakte grond deur die vermeerdering van organiese materiaal en mikrobiese aktiwiteit. Daar word voorgestel dat hierdie praktyke jaarliks 5 tot 20% van globale $CO_2$-vrystellings kan verreken om klimaatsverandering te help bekamp.

Herskeppende boerdery werk oor klimaatstreke en plaasgroottes heen, en meng tradisionele kennis met moderne tegnologie. Van klein-boerplase tot groot, gekommersialiseerde plase is dit aanpasbaar en vereis nie duur infrastruktuur nie.

Anders as nywerheids-landbou, wat dikwels hulpbronne uitput, het herskeppende boerdery een duidelike boodskap: beter grond, sterker ekostelsels en veerkragtiger plase.

## Wat is herskeppende boerdery?

Hierdie benadering tot landbou fokus op die herstel en verbetering van grondgesondheid, biodiversiteit en ekosisteme terwyl daar steeds gesonde gewasse verbou word. Dit is 'n praktyk om omgewingskade aktief te herstel.

Die sleutelpraktyke van herskeppende boerdery sluit minimale grondversteuring, dekgewasse, wisselbou, weidingsbestuur en verminderde chemiese insette in.

Alhoewel baie van hierdie metodes afsonderlik op plase gebruik word, kan die kombinasie die sleutel tot 'n groter opbrengste en gesonder gewasse wees.

Die idee is om koolstofsverliese te verminder, vogbewaring te verhoog, erosie te verminder en biodiversiteit te bevorder. Die gebruik van hierdie metodes kan ook lei tot plase wat meer bestand is teen klimaatsverandering terwyl kweekhuisvrystellings verminder word.

## Hoe werk herskeppende boerdery?

- Deur geen- of laebewerkings-praktyke toe te pas, behou jy koolstof in die grond, verminder jou brandstof-verbruik en behou grondvog. Deur swaar-ploegmetodes te vermy, bewaar jy jou grondstruktuur, voorkom erosie en beskerm mikrobiese gemeenskappe.
- Om gewasse soos klawer gedurende die afseisoen te plant, bedek jy jou kaal grond en voorkom erosie. Hierdie praktyk onderdruk ook onkruid, voeg voedingstowwe by en voed jou organiese grondmikrobes.
- Terwyl baie boere reeds wisselbou en diversiteit beoefen, is dit een van die doeltreffendste maniere van herskeppende boerdery. Deur verskillende gewasse van seisoen tot seisoen af te wissel, kan jy plaag- en siektesiklusse verbreek, jou grondvoedingsbalans en veerkragtigheid verbeter.
- Organies is die regte pad en om kompos by jou grond te voeg kan jou grond se koolstof 'n hupstoot gee en plantvoedingstowwe herwin.
- Jy kan grasgroei stimuleer deur rotasieweiding te gebruik, wat natuurlike kuddemigrasies naboots. Deur jou beeste in verskillende kampe te laat wei, laat jy ander kampe toe om te rus en te groei en dit dwing jou diere om die gras wat beskikbaar is te eet, en nie net die gras wat hulle verkies nie. Deur jou beeste te skuif help dit om ook organiese materiaal in jou grond te trap en word voedingstowwe deur jou diere se mis versprei.
- Die hele idee van herskeppende boerdery is om terug te keer na natuurlike praktyke. Deur sintetiese kunsmis en plaagdoders te verminder en alternatiewe soos kompos of geïntegreerde plaagbestuur te gebruik, laat jy toe dat jou grond na sy natuurlike gesonde toestand terugkeer. Organies boer kan ook jou koste ver-minder en 'n toename inbestuiwers en waterweë meebring.
- Landboubosbou is nog 'n manier om jou plant- en grondgesondheid 'n hupstoot te gee. Die integrasie van bome en struike verskaf skadu en windskerms vir jou plante en die diep wortels stabiliseer die grond en voedingstofsiklusse.

## Hoe dit alles bymekaar kom

Dit beteken 'n boer kan byvoorbeeld dekgewasse plant nadat hy mielies geoes het en dit die volgende jaar met sojabone afwissel terwyl geen-bewerkingmetodes gebruik word.

Met verloop van tyd sal die grond ryker word aan koolstof en voeding-stowwe, meer water behou en 'n uiteenlopende reeks plante, insekte en diere ondersteun. Dit lei tot verhoogde opbrengste en veerkragtigheid teen klimaatsveranderinge.

Met die klem op 'n groener manier om dinge te doen, werk nywerhede regoor die wêreld aan tegnologiese vooruitgang om die planeet te red. Deur herskeppende boerdery te beoefen, kan jy voor in die proses wees.


**Bronverwysing:**

https://initiatives.weforum.org/global-future-council-on-soils/home

https://www.theclimatedrive.org/action-library/use-regenerative-practices-to-reduce-agricultural-emissions

https://www.weforum.org/stories/2022/10/what-is-regenerative-agriculture/

https://regenz.co.za/resources/regenerative-agriculture-in-south-africa/

https://wikifarmer.com/library/en/article/the-complete-guide-to-regenerative-agriculture-benefits-methods-and-how-to-get-involved

ABC Hansen Africa

www.abchansenafrica.co.za

# Nuut Vanaf ABC Hansen



**Kuilvoersak vuller vir 6’ sakke**

Voorraad Beskikbaar



**Ry-onafhanklike Kuilvoerkerwers. 1 -2.5 m wydte**

Voorraad Beskikbaar



**Graan Silosak Uitlaaier 9'**

Voorraad Beskikbaar



**Graan Silosak Laaier 9'**

Voorraad Beskikbaar

## KiviPekka Klipversamelaar

**3, 5 & 7 meter werkwydtes**




Voorraad Beskikbaar

## 1 & 2 Ry Mieliestroper

**- trekker gedrewe**



Voorraad Beskikbaar

216 Propshaft Rd, Samcor Park,
0184, Pretoria, Gauteng

012 803 0036
info@abchansenafrica.co.za


DE MEYER BETONWERKE
Tot U diens vanaf 1971
Vervaardigers van:
• Betonmure
• Beton pallisadeheinings
• Bees- en skaapdrinkkrippe
• Bees- en skaapvoerbakke
• Kuilvoerbunkers
facebook
Bothaville
www.demeyerbeton.co.za
Navrae: 056-515-3847 / Dawie: 084-250-3846


MINING | INDUSTRY | MUNICIPAL | AGRICULTURE | FOOD AND BEVERAGE | FIRE FIGHTING
RAINBOW
RESERVOIRS
Premium quality Aluzinc steel sectional tanks for
bulk water storage throughout Africa
LISTED AND APPROVED SUPPLIER
South Africa
WISA
Water Institute of Southern Africa
FIRE PROTECTION ASSOCIATION OF SOUTHERN AFRICA
www.rainbowtanks.co.za
sales@rainbowres.com | +27 (0)11 965 6016


www.faw.co.za
THE FAW JK6 RANGE
DRIVE THE FUTURE OF FREIGHT.
JK6 16.260FL-AMT
8 – Speed Automatic 4x2
JK6 16.260FL-MT
8 – Speed Manual 4x2
FAW TRUCKS SOUTHERN AFRICA
Head office:
45 Brabazon Road, Isando,
Gauteng | marketing@faw.co.za
SCAN THE
QR CODE TO
CONTACT US



**Die terrein het elke dag gewemel van plaaslike en internasionale besoekers om uit te vind watter nuwe, skeppende en slim tegnologie in die landboubedryf beskikbaar is.**

# NAMPO 2025

## Waar wêreldklas landbou met plaaslike vindingrykheid saamkom

**deur Jaco Cilliers**

NAMPO-park buite Bothaville het van 13 tot 16 Mei 2025 weer sy staal gewys. Met 'n rekordgetal van 87 191 besoekers en meer as 900 uitstallers het die 57ste NAMPO-oesdag nie net sy status as die grootste graangerigte landbouskou in Suider-Afrika bevestig nie; dit het ook gewys hoekom die bedryf die land bly bou. Die beskrywende tema "*Global Agriculture, Locally!*" het presies vasgevang wat op die terrein gebeur het. Internasionale tegnologie en plaaslike vasbyt het hande gevat om praktiese oplossings vir Suid-Afrikaanse boere te bied.




### Skeppende denke op elke hoek

Die private sektor het weer bewys dat skeppingskrag en probleemoplossing nie wag vir regeringsbeleid nie. Of dit



nou nuwe presisietegnologie, elektriese voertuie of slim gewasbeskerming was, boere kon vir elke uitdaging 'n oplossing kry.

377 vliegtuie en 69 helikopters het by die skou geland, 'n duidelike teken dat grootskaalse sake op elke vlak gedoen is. Volgens Danie Minnaar, voorsitter van die NAMPO-komitee, was die stemming onder produsente positief ten spyte van nat oestydtoestande wat elders werk vertraag het.

### Skoon, georganiseerd en gasvry

Om bykans 90 000 mense oor vier dae op een plek by mekaar te bring verg enorme logistieke uitdagings. Om dan ook daardie terrein skoon en netjies te hou moes 'n enorme taak gewees het. Tog het die organiseerders hulleself uitstekend van hulle taak gekwyt. Daar was geen teken van wanorde nie en die terrein was deurlopend opgeruim en netjies. Nêrens was daar oorvol asblikke of rommel wat gestrooi is nie, en die kleedkamers was deurlopend skoon en netjies. Só 'n vlak van netheid versterk die professionaliteit waarvoor NAMPO bekend staan en skep 'n atmosfeer waar sake sonder belemmerings gedoen kan word.

### Die ekonomie van NAMPO

Daar was uitstallers wat vroeg in die week reeds bevestig het dat hulle voorraad wat op uitstalling was reeds uitverkoop is en na die skou na hulle nuwe eienaars vervoer sou word. Die uitstallers se duur toerusting is binne die eerste twee dae deur boere opgeraap.

Buiten die handel wat tydens die skou gedryf word, kring die ekonomiese invloed van NAMPO veel verder uit na die omliggende dorpe. Besoekers het slaapplek bespreek in gastehuise so ver as Parys wat 110 km van NAMPO-park geleë is. Verblyf in Bothaville, Viljoenskroon, Orkney, Potchefstroom en Klerksdorp was vol bespreek. Elke vulstasie, restaurant en gasteplaas in die omgewing het voordeel getrek. Dr Dirk Strydom, besturende direkteur van NAMPO (Edms) Bpk, beklemtoon dat die gehalte van sake wat by die skou gedoen word, 'n belangriker maatstaf as blote voetverkeer is.

# EFFICIENT GROUND PREP

FORIGO
Ready to fit you





# EFFICIENT PLANTING







# EFFICIENT WEEDING



Ferrari
GROWTECH
veg equipment innovators



REBELO
AGRICULTURAL GROUP

CONTACT US
011 613 7438
082 716 1664
072 525 9047

VISIT US AT
www.rebelo.co.za
@rebeloagri
@Rebelo Agricultural

PARTNERED WITH THOSE WHO FEED THE NATION!




**Foto-erkenning: GraanSA. Vanaf 13 tot 16 Mei 2025 het 'n rekordgetal van 87 191 besoekers en meer as 900 uitstallers die 57ste NAMPO-oesdag bygewoon.**

## Internasionale skakeling

Franse, Russiese, Poolse, Nieu-Seelandse, Nederlandse, Argentynse en Brasiliaanse besoekers het sakekaarte uitgeruil. Van die VSA tot Turkye het wêreldklas ondernemings hulle nuutste tegnologie na Suid-Afrika gebring. Dit is 'n perfekte pasmaat vir die tema. Graan SA se statistiek oor die lugverkeer onderstreep hoe NAMPO as internasionale sakeplatform funksioneer.

## Beleidsdialoog sonder politieke etikette

Die skou het hoëprofiel-besoekers ontvang, onder andere president Cyril Ramaphosa en adjunk-president Paul Mashatile. Ministers, provinsiale LUR'e en opposisieleiers het die geleentheid gebruik om oor infrastruktuur, landelike veiligheid en tegnologietoegang te praat. Mashatile het landbou weer as die ruggraat van die ekonomie beskryf en belowe dat 'n taakspan na landelike veiligheid sal kyk. Graan SA het nietemin beklemtoon dat NAMPO primêr 'n boer-gefokusde platform bly vir kennisdeling en tegnologie-evaluering.

## Maatskappye wat die land bou

Vir meer as 'n eeu dra organisasies soos John Deere, Senwes, Omnia en talle ander by tot die plaaslike ekonomie. Party deelnemers aan vanjaar se skou ondersteun boere al sedert die laat 1800's. Oorloë, droogtes, depressies en beleidswisselings het hulle nie gestuit nie. Hulle bly belê, werksgeleenthede skep en verseker dat daar kos op elke Suid-Afrikaner se tafel is. NAMPO 2025 het daardie nalatenskap beklemtoon en weer gewys dat landbou nie net gewasse kweek nie, maar 'n bevolking onderhou.

NAMPO 2025 het ondubbelsinnig gewys dat Suid-Afrikaanse landbou nie passief op omstandighede wag nie, maar self oplossings skep. Van skoon toilette tot skoner tegnologie, van internasionale samewerking tot plaaslike vakmanskap, die sektor het sy stabiliserende rol in die ekonomie bevestig. Dr Tobias Doyer, Graan SA se hoof-uitvoerende beampte, herinner ons dat die ware hartklop van NAMPO in gesprekke oor saad, masjinerie en infrastruktuur lê.

Graan SA en elke uitstaller kan gelukgewens word met 'n skou wat nie net 'n rekord opgestel het nie, maar 'n nuwe maatstaf stel vir doeltreffendheid, samewerking en volhoubare groei. As hierdie toneel in 2025 die rigsnoer is, kan die bedryf met selfvertroue uitsien na NAMPO 2026, reeds beplan vir 12 tot 15 Mei 2026.

Te midde van politieke spanning en beleidsonsekerheid kan die res van die land gerus kennis neem: Boere bou steeds aan Suid-Afrika, baksteen vir baksteen en mieliepit vir mieliepit.




**NAMPO het boere van alle ouderdomme die geleentheid gebied om die nuutste toerusting van naderby te bekyk en te bevoel.**

NAMPO

# Boer slimmer, nie harder: Valtrac wys hoe by NAMPO 2025

**deur Bianca Henning**




Suid-Afrikaanse boere weet: om winsgewend te boer in vandag se uitdagende landbouklimaat vra toerusting wat nie net sterk is nie, maar ook slim werk.

By NAMPO 2025 het Valtrac weer gewys hoekom hulle die vennoot is waarop boere kan staatmaak. Valtrac se standplaas met demonstrasies en produkbekendstellings het nie net tegnologie ten toon gestel nie — dit het praktiese oplossings vir die plaasgrond gebring.

## Valtra N135 met "lig & laai" praktiese demonstrasie

Een van die aandagtrekkers by Valtrac se standplaas by NAMPO vanjaar was die Valtra N135 met die "lig & laai" funksie, wat boere toegelaat het om self agter die stuur van die trekker in te klim slim en vernuwende tegnologie eerstehands te ervaar. Hierdie demonstrasie het nie net belangstelling gelok nie, maar dit het ook boere se vertroue bevestig in 'n trekker wat sowel presies as aanpasbaar is. Dit is mos nou waarvan boere hou!

"Met die "lig & laai" -tegnologie gee ons boere die geleentheid om self te beleef hoe maklik, vinnig en akkuraat 'n laaiproses met hierdie trekker afgehandel kan word. Dit wat jy laai, word ook onmiddellik geweeg, wat vir jou eerstehandse, akkurate data op 'n strokie voorsien," verduidelik Devin Dedwith, mededirekteur van Valtrac.

> "Ons wil hê boere moet dit self ervaar – nie net sien nie," sê Devin.

## Ander vlagskipprodukte

Nog 'n gunsteling by Valtrac se standplaas was die ou bekende staatmaker – die **Pottinger Novacat 300 Alpha Motion-snyers.** Dié snyers is sinoniem met duursaamheid, betroubaarheid en doeltreffende snyvermoë, en dit is presies waarom boere keer op keer na hulle terugkeer.

Met die vermoë om dubbel die werkverrigting met slegs een trekker en een operateur te verrig, bespaar die Novacat tyd en brandstof sonder om op gehalte in te boet.

"Hierdie snyers is ook toegerus met kneusers vir gewasse soos lusern," verduidelik Devin. Dít beteken vinniger droging, beter gehalte voer en minder verliese — alles in een slim, robuuste stelsel. Pottinger bly 'n naam waarop Suid-Afrikaanse boere kan vertrou, en die Novacat 300 Alpha Motion is nog 'n bewys daarvan.




Die Tatu PDCP-fynsaadplanter is 'n gewilde oplossing vir boere wat fokus op presisieplantwerk in geenbewerkingstelsels.

Terug op gewilde aanvraag, en sterker as ooit tevore, het die **AARP-ploeë** vanjaar weer 'n prominente plek op Valtrac se standplaas ingeneem. Hierdie indrukwekkende reekse is nou in voorraad tot en met 'n tienvoormodel, wat boere selfs meer keuses en kapasiteit bied. Die agtvoor-omkeerploeg met wegbreekaksie het spesiale aandag by NAMPO getrek. Die wegbreekaksie sorg vir beskerming teen klippe en obstruksies, wat die ploeg geskik maak vir wisselvallige grondtoestande.

Devin sê: "Of jy nou op groter skaal ploeg of hoë produksiedoeltreffendheid nastreef, AARP bied 'n beproefde oplossing vir moderne boere wat nie met minder as die beste tevrede is nie."

Nog 'n aandagtrekker was die **Major Cyclone-snyer** – 'n robuuste snyer wat spesiaal ontwerp is vir doeltreffende gewasrestebestuur. Devin verduidelik dat hierdie snyer uiters geskik is om reste van gewasse soos mielies en katoen kort af te sny en fyn te versnipper, sonder om dit in windrye te gooi. In plaas daarvan word die materiaal egalig agter die snyer versprei, wat help om grondbedekking te verbeter en voorbereiding vir die volgende plantseisoen te vergemaklik.



Devin Dedwith, mededirekteur van Valtrac, hou daarvan om boere gelukkig en tevrede te sien.





**Die Major Cyclone-snyer is uiters geskik is om reste van gewasse soos mielies en katoen kort af te sny en fyn te versnipper, en dit dan egalig op die land uit te strooi.**

Boonop is die Cyclone-snyer geskik om dekgewasse of stoppels netjies en volledig te sny. Hierdie werktuig is die perfekte hulpmiddel vir boere wat hulle grond wil voorberei sonder om op spoed of gehalte in te boet – vinnig, netjies en betroubaar.

Nog 'n werktuig wat vanjaar boere se aandag getrek het, is die **Tatu PDCP-fynsaadplanter** – 'n indrukwekkende oplossing vir presisie-plantwerk in geenbewerkingstelsels. Hierdie planter is spesifiek ontwerp om delikaat, maar akkuraat te werk, selfs in moeilike grondtoestande.

"Wat hierdie planter uniek maak, is dat dit 'n geenbewerking-fynsaadplanter is. Die planter is ook toegerus met 'n groot snyskottel, 'n groot verspringing tussen die voorste en agterste saairygedeeltes, en 'n drukwiel aan die agterkant," verduidelik Devin.

Die ontwerp maak voorsiening vir presisie en betroubare saadplasing, terwyl dit die grondstruktuur ongeskonde laat. Die Tatu PDCP beskik ook oor twee aparte houers, wat boere in staat stel om gelyktydig saad en kunsmis toe te dien – 'n groot voordeel vir boere wat koste wil bespaar en opbrengste wil verhoog. Hierdie planter is 'n uitstekende keuse vir boere wat op soek is na tegnologie wat werklik saamspeel met hulle bewaringsboerderypraktyke.



**'n Ou, welbekende produk van Valtrac, die Pottinger Novacat 300 Alpha Motion-snyers, is steeds 'n gunsteling by boere.**

Laaste, maar beslis nie die minste nie, was die **APV PS1600 M1- en PS300 M1-druklugsaaiers**. Hierdie saaiers is geskik vir egalige saadverspreiding, met presisie en doeltreffendheid in elke ry. Die PS1600 se tenk hou 1 600 liter en sy standaard van 16 uitlate kan aangepas word tot selfs 32 uitlate – perfek vir groter aanwending en vinniger werk.

"Hierdie APV-reeks strek van 40 liter tot en met 1 600 liter. So, indien jy moet strooi of saai, Valtrac het die oplossing vir jou," voeg Devin by.

## Valtrac – jou vennoot in boerderytoerusting- en tegnologie

By NAMPO 2025 het Valtrac gewys dat hulle nie bloot produkte verkoop nie – hulle bou vennootskappe. In 'n tyd waar elke besluit op die plaas saak maak — van brandstofverbruik tot werktuigkeuse – gee Valtrac boere die sekerheid dat hulle toerusting nie net die taak kan hanteer nie, maar dit met styl, presisie en betroubaarheid kan doen.

NAMPO 2025 het dit weer duidelik gewys: wanneer tegnologie, boerdery, landbou-ervaring en 'n ware begrip van plaasbehoeftes saamkom, gebeur daar iets besonders. Valtrac bring nie net trekkers, toerusting en werktuie na boere nie ... hulle bring oplossings, vennootskappe, vertroue en legendariese naverkoopdiens.

"Ons boere verdien toerusting wat werk en mense wat agter hulle staan," sluit Devin af.



**Die robuuste AARP-omkeerploeg was 'n gewilde trekpleister by Valtrac se standplaas by NAMPO vanjaar.**



**Valtra N135 met "lig & laai" se praktiese demonstrasie was baie waardevol vir boere by NAMPO, aangesien hulle self in die kajuit van die trekker kon klim en prakties sien hoe die stelsel werk.**




**Die APV PS1600 M1- en PS300 M1-druklugsaaiers is geskik vir egalige saadverspreiding, met presisie en doeltreffendheid in elke ry**

**Vir meer inligting oor Valtrac se toerusting, trekkers en werktuie, besoek hulle webwerf by www.valtrac.co.za, maak kontak met Attie de Villiers by (+27)83-261-9863 of (+27)56-817-8006, of stuur 'n e-pos aan attiedev@valtrac.co.za.**


GESELEKTEERDE PROMOSIES OM AAN ELKE SEISOEN SE PLAASBEHOEFTES TE VOLDOEN.
KOOP NOU BETAAL LATER
GRONDBEWERKINGS TOERUSTING
HOOI & VOER TOERUSTING
STROPERS & TAFLES
SPX-SPUITE
PLANTERS
TREKKERS
KONTAK JOU NAASTE HANDELAAR
OF TAK VIR MEER INLIGTING
WWW.CASEIH.CO.ZA
CNH CAPITAL
In alliansie met WesBank
WesBank - 'n afdeling van FirstRand Bank ltd.
'n Gemagtigde Finansiële Dienste en Geregistreerde Kredietverskaffer.
NCRCP20.
*BEPALINGS EN VOORWAARDES GELD
CASE IH

# NMI het grootskaalwerktuie vir grootskaalboere




**Die KELLY Diamond Harrow 40-grondbewerkingstelsel wat by Nortmec Implements se NAMPO-standplaas te siene was.**

As jy van horison tot horison wil boer, het jy werktuie nodig wat die werk kan doen. By Northmec Implements (NMI) kan jy die grootskaal -werktuie kry wat jy nodig het om jou boerdery 'n groot sukses te maak.

Die span van NMI was tydens NAMPO 2025 byderhand om boere te help om die regte werktuie vir hulle boerderye te kies.

Daniel Dames, sakebestuurder by Northmec Implements, sê wanneer jy ernstig is oor hektare per dag, dan het NMI die masjien vir jou. Van die groot masjiene by hulle uitstalling tydens NAMPO was die KELLY-grondbewerkingstelsel, Geringhoff se Mais Star-mielieplukkerkop, TruFlex-fyngraantafel en Bunning Lowlander 180-strooier.

## KELLY

NMI is trotse verspreiders van KELLY-grondbewerkingstelsels in Suid-Afrika en hulle verskaf masjiene wat van vier tot twaalf meter wyd werk,maar as 'n boer nog wyer wil werk, kan hulle bewerkers van tot agttien meter invoer.

"Die masjien kan opgestel word vir elke toepassing of grondtipe," vertel Daniel.

KELLY-grondbewerkingstelsels staan bekend vir hulle verminderde insetkostes, onkruidbeheer, oesrestebestuur en saadbedvoorbereiding. Dit is jou alles-in-een masjien vir heeljaarbewerking.

Die stelsel gebruik 'n reeks skottels om veelsydige multivlakbewerkings uit te voer. Die KELLY is oorspronklik ontwerp vir oesreste na oes, maar word ook gebruik om 'n saadbed gelyk te maak, dekgewasse te inkorporeer en onkruid te verwyder. Met die KELLY-skottelrye kan jy 'n wye reeds grondbewerkings uitvoer.

"Die groot voordeel wat hierdie werktuig vir jou bied, is dat hy jou eerste of tweede spruitsels uitsny as jy hom reg gebruik," verduidelik Daniel.

Die masjien trek die bossies met wortel en al uit en gooi dit bo op die grond sodat die son dit doodbrand. Algaande sal 'n mens die verskil op jou lande sien en volgens Daniel betaal die werktuig homself kort voor lank af.

## Geringhoff

Nog werktuie vir grootskaalboerdery wat NMI invoer is die Geringhoff-reeks. NMI voer mielieplukkerkoppe van tot 24 rye in en koringtafels van tot 15 meter.

Daniel vertel die hoofvoordeel wat die Geringhoff-mielieplukkerkoppejou bied is dat dit die tafel en die stroper sinkroniseer en verseker dat jou stroper te alle tye op kapasiteit bly en sodoende vermorsing verminder.

Die TrueFlex-fyngraantafels van tot 10 meter het drie seksies wat afsonderlik skarnier om te verseker dat jy al die sojabone op jou lande oes, selfs al is daar kontoere.

Die waggelkaste (*wobble boxes*) is in die middel van die tafel geplaas om die tafel gebalanseerd te hou.

Daar is ook vir hierdie tafels 'n kanolastel beskikbaar sodat die Kaapse boere hulle kanolalande kan stroop.

"Volgens ons navorsing is die vermorsing op hierdie tafel ook baie minder as van die mededingers s'n, so hy sit meer geld in jou sak," voeg Daniel by.

## Bunning

NMI bied ook een van die beste strooiers op die mark, die Bunning Lowlander 180 wat van Engeland af ingevoer word.


"Top Gear het 'n paar jaar gelede 'n motorkar in hierdie strooier gesit en hy het die hele motorkar opgesny. Dit wys dat hierdie strooier robuus is en baie lank gaan hou. Dit is 'n strooier wat vir swaardiens gebou is," vertel Daniel.

Die Bunning Lowlander 180 het 'n drakrag van 18 ton en kan alle soorte mis en materiaal hanteer. Met sy twee vertikale awegaars is die strooier mooi gebalanseerd.

Indien jy op soek is na werktuie wat groot, taai take op jou plaas flink kan afhandel, kontak Northmec Implements. Hulle kundige personeel sal jou help om die regte werktuig vir die regte taak aan te skaf.



**Geringhoff se Mais Star-mielieplukkerkop.**



**Geringhoff se TruFlex-kleingraantafel.**




**Daniel Dames, sakebestuurder by Northmec Implements gesels oor die KELLY-grondbewerkingstelsels.**

Besoek gerus NMI se webtuiste by www.northmecimp.co.za om met hulle in verbinding te tree.

# PTx: Die nuwe naam in presisieboerdery wat boere bemagtig

**deur Bianca Henning**




**AGCO se PTx-uitstalling tydens NAMPO vanjaar.**

Die wêreld van presisieboerdery ontwikkel vinnig, en AGCO is aan die voorpunt met hulle nuwe tegnologievaandel: PTx – oftewel "Precision Technology Exponential".

Maar wat beteken dit vir die Suid-Afrikaanse boer? Emile Renke van AGCO het by NAMPO verduidelik wat PTx behels, hoe dit werk en hoe dit boerdery slimmer, vinniger en meer winsgewend maak.

## Wat is PTx?

PTx is meer as net 'n nuwe naam – dit is 'n volledige geïntegreerde tegnologie-aanbieding wat AGCO se presisieboerdery-oplossings onder een dak saambring. Dit sluit onder meer PTx Trimble en PTx Precision Planting in.

"PTx staan vir presisieboerdery (P) en gevorderde tegnologie (T) wat die positiewe impak op jou boerdery eksponensieel (x) verhoog," verduidelik Emile. "Ons wil hê ons handelaars moet 'n eenstopwinkel wees vir boere se presisiebehoeftes – van slimskerms en GPS-stelsels, tot planters, spuit- en waterbestuurtegnologie."

## PTx Trimble: Tegnologie vir enige trekker

Een van die grootste voordele van PTx Trimble is dat die produkte "kleurblind" is – dit pas op enige trekker of werktuig, ongeag die handelsmerk. Boere hoef dus nie hulle hele vloot te vervang om voordeel te trek uit gevorderde tegnologie nie.

**PTx Trimble bied verskillende GFX-skerms aan, wat aanpasbaar is by enige boerdery:**

- **GFX-350:** Outomatiese stuurbeheer en twee produkte se wisselende toediening met 24 eenhede seksiebeheer.
- **GFX-1060 (gewildste van al-**



**Emile Renke van AGCO PTx verduidelik hoe presisiekunsmis-toediening werk deur ISOBUS en die voordele wat dit bied.**

**mal):** Outomatiese stuurbeheer, vier produkte se wisselende toediening en tot 256 eenhede seksiebeheer.

- **GFX-1260 (vlagskip):** Outomatiese stuurbeheer en tot ses produkte se wisselende toediening en tot 256 eenhede seksiebeheer.

**Saam met die skerms bied PTx ook GPS-opsies:**

- NAV-500: Akkuraatheid van 30 cm.
- NAV-900: Akkuraatheid tot 2,5 cm – geskik vir presisieplant of -spuitwerk.

"Die lekker van ons stelsel is dat jy enige kombinasie van skerm en GPS kan kies wat by jou begroting en behoeftes pas," sê Emile.

## Weedseeker 2: Spuit net waar dit nodig is

Een van die opwindendste tegnologieë onder PTx Trimble is die Weedseeker 2, 'n gevorderde kolbespuitingstelsel.

Elke spuitkop kry 'n sensor wat groen in die ry kan opspoor. Sodra die sensor iets groen sien, spuit dit. As daar niks is nie, word daar niks gespuit nie. "Hierdie 'groen-op-bruin' tegnologie kan tot 90% op chemiese koste bespaar," verduidelik Emile. Die stelsel is ISOBUS-versoenbaar en pas op enige spuit – weereens maak nie saak wat die handelsmerk is nie.

## PTx Precision Planting – Gebou vir boere, ontwerp vir planters

PTX Precision Planting is wêreldwyd bekend vir sy uitmuntende saadplasing en interryspasiëring. Hierdie pasgemaakte oplossing is standaard beskikbaar op die meeste Massey Ferguson-planters en kan ook kleurblind op enige ander planter geinstalleer word en bestaan uit:




- 'n Beheerskerm,
- Elektriese motors vir saadbeheer, en
- Seksiebeheer per ry word moontlik gemaak deur die individuele motors
- Opsionele ekstra's soos "down force", "good-ride", "smart-firmer" kan ook op enige stadium bygevoeg word.

"Wat uniek is, is dat die planter outomaties die snelheid en intensiteit aanpas rondom draaie of kontoerlyne om jou optimale plantestand te verseker," sê Emile.

## PTx ISOBUS-toepassingbeheer – Oud ontmoet nuut

Met Müller ISOBUS oplossings in die PTX Trimble-portefeulje, kan AGCO enige werktuig – oud of nuut – ISOBUS-vaardig maak. Dit stel boere in staat om presiese toediening uit te voer, ongeag hulle trekker se hidrouliese vermoëns. Jy kies: elektries of hidroulies.

## PTx Waterbestuur – Waar elke druppel tel

**Trimble is wêreldleiers in waterbestuur, en PTx bied twee hoofoplossings:**

- Gelykmaak van lande: Maak lande gelyk om versuiping te voorkom of water optimaal af te voer.
- Ondergrondse dreinering: Lê dreineringspype om oortollige water vinnig te verwyder – veral belangrik in swaar reëngebiede.

## Besluit self – Jou stelsel, jou tempo

Die kern van PTx is aanpasbaarheid en toeganklikheid. Boere kan klein begin en hulle stelsel uitbrei soos hulle boerdery groei. Van presisieplant en slim spuit, tot gevorderde waterbestuur – PTx bied oplossings wat regtig werk, sonder om jou aan een trekker of handelsmerk vas te bind.

"Met PTx is jy nie beperk tot een stelsel nie – jy bou jou eie oplossing, teen jou eie pas, en op jou eie plaas."








**Die Weedseeker 2-stelsel is tydens NAMPO prakties aan boere gedemonstreer. Hierdie stelsel werk volgens die sensor op die spuit, as die spuit iets groen sien, spuit dit. As daar niks is nie, word daar niks gespuit nie. So bestry jy onkruid doeltreffend sonder om 'n druppel spuitstof te vermors.**

**Vir meer inligting, besoek gerus die PTx Trimble- of PTx Precision Planting-webtuistes by www.ptxag.com, volg PTx op sosiale media of besoek jou naaste AGCO-handelaar vir meer inligting.**




Ons verskaf pasgemaakte oplossings
vir jou rubberslangvereistes.

L-Flex

lflex.co.za

Gert Burger (gert@lflex.co.za)
083 267 2635 | admin@lflex.co.za
Kantoor nommer | 079 771 1822

No 30 Pittsburg Street, Cnr Apex Street,
Apex Industrial, Benoni

SA TOY TRADE®

# Educational Toys & Products

* Durable * Quality * Affordable

## Choose from a great selection of products

- Arts & Crafts
- Baby & Toddler
- Books & Music
- Classroom & Teaching
- Educational Play & Games
- Language & Literacy
- Life Skills & Fantasy Play
- Mathematics & Science
- Outside Play & Sport
- Puzzles & Construction
- Stationery
- Therapeutic & Special Needs



**Attribute Blocks Activity Cards (8pc)**
C3025D01-CA5



**10cm Day/Night Clock**
BA1004A16



**Brainy Shapes (80pc)**
C3025D04




**Chain Links (200pc) & Pattern Cards**
MM-SC-024

Visit **www.satoytrade.co.za** to view our extensive range of educational and therapeutic products.

**YOUR EDUCATIONAL SUPPLIER**

071 864 0372 info@satoytrade.co.za Plot 91, Hartbeespoort




supaquick.com

# STORE DIRECTORY (AGRI TYRES)

**Western Cape:**

| | |
|---|---|
| SQ Swellendam | 028 514 3470 |
| SQ Caledon | 028 212 1140 |
| SQ Hermanus | 028 312 2270 |
| SQ Kleinmond | 028 271 5088 |
| SQ Moorreesburg | 022 433 2028 |
| SQ Oudtshoorn | 044 272 8941 |
| SQ Paarl | 021 872 1637 |
| SQ Vredenburg | 022 713 4034 |

**Limpopo:**

| | |
|---|---|
| SQ Tomburke | 082 339 2231 |
| SQ Giyani | 015 812 3875 |
| SQ Lephalale | 014 001 0899 |
| SQ Louis Trichardt | 015 516 1440 |
| SQ Modimolle | 014 717 2581 |
| SQ Mokopane | 015 491 6658 |
| SQ Polokwane | 015 297 3654 |
| SQ Thohoyandou | 015 964 3017 |
| SQ Tzaneen | 015 307 2852 |
| SQ Steelpoort | 013 230 4080 |

**Mpumalanga:**

| | |
|---|---|
| SQ Bethal | 017 647 3208 |
| SQ Balfour | 016 341 2187 |
| SQ Lydenburg | 013 235 2365 |
| SQ Mbombela | 013 492 0020 |
| SQ Middelburg | 013 282 4767 |
| SQ Secunda | 017 631 3546 |
| SQ Volksrust | 017 735 1476 |
| SQ Witbank | 013 690 2567 |
| SQ Delmas | 013 665 4594 |

**North West:**

| | |
|---|---|
| SQ Lichtenburg North | 018 632 0804 |
| SQ Mafikeng | 018 381 0802 |
| SQ Rustenburg | 014 592 9297 |
| SQ Zeerust | 018 642 1506 |

**Gauteng:**

| | |
|---|---|
| SQ Bronkhorstspruit | 013 932 4063 |
| SQ Heidelberg | 016 341 2187 |
| SQ Rosslyn | 012 751 1331 |
| SQ Silverton | 012 804 9744 |
| SQ Spartan | 010 880 0119 |

**KwaZulu - Natal:**

| | |
|---|---|
| SQ Harding | 039 433 1886 |
| SQ Howick | 033 330 4994 |
| SQ Newcastle | 034 315 4458 |
| SQ Underberg | 033 701 1198 |
| SQ Bergville | 036 448 2787 |
| SQ Mooi River | 033 263 2396 |
| SQ Greytown | 033 413 3380 |
| SQ Dalton | 033 501 1509 |
| SQ Pongola | 034 413 2320 |
| SQ Matatiele | 039 737 3183 |
| SQ Kokstad | 039 727 2242 |

**Namibia:**

| | |
|---|---|
| SQ Otjiwarongo | +264 67 302 154 |
| SQ Oshakati | +264 65 221 127 |
| SQ Walvis Bay | +264 64 206 722 |
| SQ Tsumeb | +264 67 222 826 |
| SQ Rosh Pinah | +264 63 274 697 |
| SQ Oranjemund | +264 63 234 935 |
| SQ Swakopmund | +264 64 406 411 |
| SQ Rundu | +264 66 267 837 |
| SQ Windhoek | +264 61 240 741 |
| SQ Windhoek Industial | +264 61 263 262 |
| SQ Lafrenz | +264 61 248 964 |
| SQ Okahandja | +264 62 500 883 |
| SQ Keetmanshoop | +264 63 224 413 |

**Eastern Cape:**

| | |
|---|---|
| SQ Elliot | 045 931 2801 |
| SQ Queenstown | 045 839 2116 |

**Botswana:**

| | |
|---|---|
| SQ Gaborone | +267 391 8356 |

**Lesotho:**

| | |
|---|---|
| SQ Butha-Buthe | +266 2246 0676 |

**Eswatini:**

| | |
|---|---|
| SQ Matsapha | +268 7808 8438 |




# Supa Quick keeps Southern Africa's farmers moving

**Article supplied**

With over 200 fitment centres across Southern Africa, Supa Quick is proud to support the farmers who keep our country growing. More than 60 of our stores specialise in agricultural tyres, helping farmers with the right equipment for the job.

This year at NAMPO Harvest Day — Africa's biggest farming expo — Supa Quick was excited to meet and talk with farmers, agri-business owners, and rural leaders from across South Africa.

A popular attraction at our stand was the Tyre Change Challenge. Farmers competed to see who could change a tyre the fastest, showing off their skills in a fun and friendly competition. The energy was high, and the crowd loved it.

Whether you're on the road or in the field, Supa Quick is here to keep you moving.

## Tyres built to last

Farmers work hard and travel far. Whether you're driving across provinces or working in the fields, you need tyres that can handle it all. Supa Quick offers top brands like Bridgestone, Firestone, Dunlop, Falken and many more, with special ranges made for trucks, bakkies, tractors, and off-road equipment.

Agricultural tyres must deal with many tough conditions like different soil types, rough terrain, and changing weather. That is why we supply and fit strong, reliable tyres that offer great grip and long life, helping your vehicles perform well in all seasons.

## More than just tyres

Supa Quick also offers a full range of vehicle services to keep your equipment running smoothly. These include:

- Wheel alignment and balancing
- Batteries
- Brakes
- Shock absorbers
- Suspension

Our expert team works with all kinds of vehicles, from passenger vehicles right through to large trucks and farm machinery. You can count on professional service wherever your journey takes you.

## Why farmers trust Supa Quick

**We're nearby:** With locations across Southern Africa, including farming areas, there's likely a Supa Quick near you.

**We're fast:** We know time matters during planting and harvest, so we work quickly to get you moving again.

**We know tyres:** Our team helps you choose the best tyre for your vehicle, your work, and your fields.

## Helping South Africa grow

Farming is the heart of our country. Supa Quick is proud to stand with the people who feed our nation. From tyre fitment to ongoing support, we're here to help farmers reduce downtime and keep their operations running strong.

Thank you to everyone who stopped by at Nampo; it was a pleasure connecting with you. If you didn't get a chance to visit us, you can still explore our farming, fleet and passenger solutions at your nearest Supa Quick or online.

From the field to the freeway, Supa Quick is your partner in performance and reliability. We're proud to support the people who keep South Africa growing.

**Supa Quick – more than tyre experts.**



# EKSTRAS
## KAN JY DIT BEKOSTIG?

**T6000-REEKS**

# JA, JY KAN!




## VERSKEIE FINANSIERINGSOPSIES BESKIKBAAR*

**OPSIE 1**
2 *JAARLIKSE* PREMIES
**PRIMA -11%**
45% DEPOSITO

**OPSIE 2**
3 *JAARLIKSE* PREMIES
**PRIMA -5%**
20% DEPOSITO

Vir meer besonderhede besoek newhollandag.co.za

**Kontak jou New Holland-handelaar vandag of bel ons:**

**Paul de Korte (064 752 1613)** - KwaZulu-Natal, Mpumalanga
**Quintus Smit (082 524 7397)** - Wes-Kaap, Noord-Kaap en Oos-Kaap
**Eduan Booyens (071 871 8163)** - Noordwes, Vrystaat, Gauteng en Limpopo

NEW HOLLAND
SAAM JOU, SEISOEN NA SEISOEN

Vir huidige aanbiedinge besoek newhollandag.co.za

CNH CAPITAL In alliance with WesBank

*Bepalings en voorwaardes geld

Volg ons op

www.newholland.com/za

WesBank - 'n afdeling van FirstRand Bank Bpk. 'n Gemagtigde Finansiële Dienste en Geregistreerde Kredietverskaffer. NCRCP20

# New Holland T6000-trekkerreeks




**deur Jaco du Preez, New Holland Suider-Afrika**

New Holland se T6000-trekkerreeks is nie nuut nie, maar daar is algaande veranderinge en/of opgraderings aangebring, wat ons bring waar ons vandag is.

Die reeks bestaan uit drie vlakke van tegnologie, naamlik DELTA, PLUS en CLASSIC, en strek van 82 tot 121 kW.

Die DELTA reeks (82 en 93 kW) is die ekonomiese reeks en is beskikbaar met rolstaafbeskerming (ROPS) of kajuit.

Hierdie reeks is in 2023 opgegradeer met 'n 16x16 Electro Command-ratkas. Skakeling tussen ratte is vergemaklik deurdat geen koppelaar benodig word nie. Omdat hierdie trekker baie gebruik word om waens na die silo te sleep, lei hierdie funksie tot minder uitputting vir die operateur. Dit bespaar ook onderhoudkoste.

Die PLUS-reeks bestaan uit die T6070- kajuittrekker (104 kW) en het dieselfde ratkas as die DELTA-reeks. Hier is egter die geslotebaan hidrouliese stelsel van 113 liter per minuut met 3 volledige hidrouliese koppelings. Al 3 het vloeibeheer en 2 is verstelbaar vir watter funksie jy ook al benodig. Dit is geskik vir plantwerk of enige ander hidrouliese behoeftes.

Die CLASSIC-reeks (104 en 121 kW) is die hoëspesifikasiereeks met die drukbuisinspuitingenjin wat toegerus is met die aanjaagfunksie in sekere toepassings. Hierdie enjin word nou elke 600 uur versien, en nie elke 300 uur soos in die verlede nie, wat nog 'n besparing op jou instandhouding-rekening meebring.

Die 18x6 Power Command-volkragskakelingratkas bied uitstekende werkverrigting en gemak vir die operateur. Dieselfde hidrouliese stelsel as die PLUS-reeks doen sy werk ook hier.

Twee standaard bande-opsies is beskikbaar, naamlik 650/65R38 agter en 540/65R28 voor of die rygewasbande van 580/70R42 agter en 480/70R30 voor.

'n Volle stuurstelsel is reeds gereed en al wat jy kort is die verkose akkuraatheidsein om al jou take te verrig. Natuurlik het jy volle toegang tot die FieldOps-portaal waar jy jou plaas, vloot en data kan integreer en berg, en dit is gratis!

Verskeie ander opsies is ook beskikbaar, byvoorbeeld die voorste driepunthyser met hidroulika en kragaftakker.


Al hierdie modelle het premium-bande.

Die kajuite is ruim en bied uitstekende sigbaarheid.

Die Service Plus-waarborg van 2 jaar / 2 000 uur is standaard op alle T6000-trekkers. Dit kan van die begin af of binne die eerste 11 maande verleng word tot soveel as 7 jaar en 5 000 uur.

CNH Capital Finansiering bied ook verskeie rentekoerssubsidieplanne aan op die hele T6000-reeks, soos prima -11% oor 24 maande met 45% deposito of Prima -4% oor 36 maande met 15% deposito. Die 15% BTW op jou transaksie word ook gefinansier, en jy kan dit binne 3 maande terugvorder. Dit verminder jou aanvanklike deposito aansienlik en versterk jou kontantvloei.

**Vir meer besonderhede, besoek New Holland se webwerf, kontak jou naaste New Holland-handelaar of skakel Jaco du Preez by (+27)82-524-8898.**



## Pumps, Valves and Services - Everything for fluid transfer applications.

Your B-BBEE Level 1 Partner

KSB is your partner for pumps, valves and service. Drawing on our wide-ranging application know-how, extensive experience and close-knit service network, we provide you with an unparalleled level of professional support. Our highly efficient, reliable solutions are used wherever fluids need to be transported, controlled or shut off. Learn more. **www.ksb.com/en-za**





## Rich crops – thanks to KSB solutions for irrigation.

All over the world, irrigation assists in growing agricultural crops and pastures, maintenance of landscapes and revegetation of disturbed soils in dry areas during periods of less than average rainfall. A challenge KSB handles with competence. KSB has been providing pumps and valves for more than 60 years to the farming community and other industries in South Africa and Sub-Saharan Africa.
Our pumps and valves help farmers to get the water where it is needed.

Whatever the agricultural application,
KSB - the right partner for you.




KSB WATER

W: www.ksb.com/en-za
T: +27-11-876-5600

KSB

# Cerealis maak die beste planters beter

**By Kylee Mann**

In die hartjie van die Noord-Kaap het Willie Kruger, 'n toegewyde boer van Hartswater, vernuwing omhels om sy boerdery na nuwe hoogtes te voer.

Willie boer met 'n uiteenlopende reeks gewasse, insluitend pekanneute, mielies en springmielies, en het nog altyd maniere gesoek om sy opbrengste te optimaliseer en sy prosesse te stroomlyn. Hierdie strewe het hom gelei na Cerealis, 'n maatskappy wat spesialiseer in landboupresisiestelsels wat boerderytoerusting aanvul en opgradeer om beter te werk.

Willie gebruik die jongste John Deere-planttoerusting, bekend vir betroubaarheid en die nuutste tegnologie. Tog, met Cerealis Precision Planting, het hy sy plantdoeltreffendheid tot nuwe hoogtes gevoer. Deur Cerealis-stelsels soos vDrive, DeltaForce en FurrowForce by sy planter in te sluit, het Willie werklik die voordele van presisielandbou ontsluit.

## DeltaForce: Ry-vir-ry afwaartsedruk-outomatisering

Deltaforce is die beheerde afwaartse en opwaartse druk wat vyf keer per sekonde hidroulies gedoen word, op grond van lesings wat 200 keer per sekonde van elke ry afsonderlik verkry word wat weergee hoe hard die diepte beheerwiele op die grond druk. Gevolglik verhoed die Deltaforce dat daar oormatige kompaksie van die grond langs die plantvoor plaasvind terwyl dit verseker dat saad op 'n konstante plantdiepte geplaas word wat gelyke opkoms verseker.

## FurrowForce: aanpasbare tweestadium

Die laaste stap in die plantproses is om die voor sorgsaam toe te maak, wat noodsaaklik is vir ontkieming. FurrowForce pas by planttoestande aan met sy tweestadiumstelsel wat lugsakke in die grond verwyder en die grond ferm om elke pit vas te trap om vog te behou en goeie kontak tussen die saad en die grond te verseker. Dit gee Willie die vertroue dat sy gewasse die beste kans het om eweredig en eenvormig te groei; iets wat hy oor al sy landerye opgemerk het.

## n Boer se perspektief

Willie getuig dat met die integrasie van Cerealis-stelsels sy mielies meer eenvormig as ooit tevore. "Die eenvormigheid en egaligheid in my lande gee my nou gemoedsrus. Ek weet dat my oes goed sal wees," sê hy. Hierdie eenvormige groei het die algehele produktiwiteit en winsgewendheid van sy plaas verbeter.

Cerealis bewys die krag van presisielandbou en demonstreer hoe gevorderde tegnologie bestaande toerusting kan aanvul om werkverrigting te optimaliseer. Vir boere soos Willie is die resultaat 'n mengsel van vernuwing en tradisie, wat verseker dat elke oes 'n sukses is.



**Francois Janse van Rensburg van Cerealis (regs) en Willie Kruger(links), 'n tevrede boer, kyk hoe eenvormig die mielies opkom om elke plant die beste kans te gee om te ontwikkel.**

**Besoek https://www.cerealis.co.za/ vir meer inligting.**





Hittestremming deel 4:

# Beskerm jou varke teen hoë temperature

**deur Tisha Steyn**

Produksieverliese onder varke weens hittestremming het 'n groot ekonomiese impak en dit is vir die varkboer voordelig om verliese te beperk.

Varke ly gou onder warm en koue klimaatstoestande. Afhangend van die ras en ouderdom, kan hulle omgewingstemperatuur van hoër as 15 °C en laer as 30 °C hanteer, maar Suid-Afrikaanse temperature is dikwels hoër.

Weens varke se vinnige metabolisme wek hulle baie hitte op. Hulle sukkel om af te koel omdat hulle swak ontwikkelde sweetkliere het en nie sweet nie, en die dik laag spek onder die vel, wat hulle teen koue isoleer, keer dat hulle deur die vel kan afkoel. Die longe is ook klein in verhouding tot hulle liggaamsgrootte.

Varke van 50 kg of meer, soos sôe en groeiers, sukkel die meeste. Die ideale omgewingstemperatuur vir dié varke is tussen 18 °C en 23 °C.

Stremming weens hitte kan vloeistofwanbalanse veroorsaak wat diarree, en in erge gevalle selfs die dood, tot gevolg hê. Dit kan ook 'n vark oor die algemeen meer kwesbaar maak vir siektes.

Varke wat aan hittestremming of sonsteek ly, haal vinnig asem en lê plat in 'n poging om minder hitte op te wek. In erge gevalle verswak die varke, die spiere begin bewe en hulle mag braak of aan diarree ly.

Hittestremming lei tot fisiologiese probleme. Dit kos baie energie om hitte vry te stel. Die bloed moet na die vel gepomp word om die hitte te probeer vrystel. Terselfdertyd vereis die vark se spysverteringstelsel goeie bloedtoevoer na die derms. Terwyl die vark sukkel om af te koel, verminder dit voerinname, vertering en opname van voedingstowwe.

Dit veroorsaak 'n probleem met dermgesondheid omdat die binding van die dermwandselle tussen die dermkanaal en die bloedvate rondom die derms verswak. Dit lei tot lekkendedermsindroom wat gifstowwwe uit die derm in die bloedstroom vrystel.


## Nadele vir sôe

Hittestremming het 'n negatiewe uitwerking op voedselinname, groeitempo, die sôe se melkproduksie en selfs reproduksie, omdat die eierselle reeds tydens laktasie vorm en hoë temperatuur kan tot onvrugbaarheid lei.

Tydens laktasie verskil die sog en die klein varkies se hittebehoeftes dramaties. Die ideale omgewingstemperatuur vir 'n lakterende sog is tussen 16 °C en 18 °C, terwyl die klein varkies 34 °C nodig het.

Wanneer die omgewingstemperatuur bo 25 °C styg, neem die sog se voerinname met tot 500 g per dag af. Dit verminder melkproduksie, wat die klein varkies benadeel.

## Die negatiewe effekte van hittestremming



## Nadele vir groeiers

Navorsing in Brasilië het getoon dat varke 15% minder in die somer as in die winter groei, waarskynlik omdat hulle minder vreet wanneer dit warmer is.

Voerinname op die hitte van die dag daal, maar 'n verhoogde inname tydens die koeler tye van die dag skep weer 'n ander probleem: Omdat nie al die kos verteer nie, gis dit in die dikderm wat lei tot siektetoestande soos rooiderm, oftewel Lawsonia-besmetting. Die probleme lei ook tot groeiverlies.

## Oplossings vir hittestremming

Goeie beplanning vir varkbehuising en voerroetine kan die probleme oplos.

## Goeie behuising

Goeie behuising met die regte tipe vloer, ventilasiestelsels en die oriëntasie van die varkhuise, kan 'n groot verskil maak.

In moderne geriewe word klimaatskontrole gebruik om die kamertemperatuur en humiditeitsvlakke te beheer. By gebrek daaraan, moet die varkhokke strategies geplaas word en isolasiemateriaal moet gebruik word sodat dit koel in die somer is. Sinkdakke kan byvoorbeeld met blare of gras bedek word om dit koeler onder die dak te maak. Sproeiers op die dak kan help om die hokke af te koel in uiterste temperature.

Vloermateriaal is ook belangrik. Strooi op die vloer sal vir klein varkies werk, maar vir hoër temperature werk 'n hortjiesvloer met lugsirkulasie van onder af beter.

Varke wat buite aangehou word moet verkieslik 'n meer geharde, inheemse ras wees wat hoë temperature beter verdra; swart varke is minder kwesbaar vir sonbrand.

Skadu en skuiling is belangrik vir hierdie varke; modderpoele waar die varke boonop met 'n sproeier natgespuit kan word, werk ook goed want die modder beskerm ook die varke teen sonbrand.

## Voerinname

Voedingstye kan aangepas word om tydens koeler tye van die dag te voer en hou voerinname konstant. Voeding kan ook aangepas word deur rantsoene te verander: gee vars voer met minder ruproteïen, gee nat voer om inname aan te moedig, verhoog die voedingswaardedigtheid deur betaïen en vitamien C by te voeg, en gee vet en olie vir kitsenergie.

Navorsing het getoon dat vlugtige olie voordele inhou; varke haal byvoorbeeld makliker asem as mentol by die voer ingesluit word. Bloekomolie, wat 'n antimikrobiese uitwerking het, verbeter veral die varke se immuniteit in die longe. 'n Rissie-ekstrak van *Capsicum oleoresin* verbeter voerinname en het 'n anti-inflammatoriese uitwerking op die verteringstelsel. Kaneel het 'n anti-oksidantfunksie wat 'n verkoelende uitwerking in die derms het.


Bronverwysings


Kriel, G. (g.d.) *Stres weens hitte by varke.* South Africa.co.za https://southafrica.co.za/af/stres-weens-hitte-varke.html

Le Roux, S. (2022) *Oorwin hittestres by varke in die warm somermaande.* 4mixinternational https://4mix.co.za/swine-news/oorwin-hittestres-by-varke-in-die-warm-somermaande/

Gonzalez-Rivas, P.A., Chauhan, S.S., Ha, M., Fegan, N. Dunshea, F.R., Warner, R. (2019) *Effects of heat stress on animal physiology, metabolism, and meat quality: A review.* Sciencedirect https://doi.org/10.1016/j.meatsci.2019.108025 https://www.sciencedirect.com/science/article/abs/pii/S0309174019304917


**Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na sune@4mix.co.za of besoek www.4mixinternational.com.**






# A seed that only needs to be planted ONCE every SEVEN YEARS!



*Are you looking for pasture grass for your livestock?*

We offer a perennial seed that is perfect for grazing and is suitable for all types of livestock and game.

**BRAZGrass** makes use of the bullet technology. It encapsulates the seed and ensures that it only starts germinating once there is adequate moisture in the soil.

**THE ONLY DISTRIBUTORS OF THE BULLET SEED IN THE WORLD.**







BRAZGrass
Pasture is Profit

**www.brazgrass.co.za** +27 (0)84 840 1659 | brazgrass@safricom.co.za | 3 Fortuna street, Viljoenskroon

# Boerbokram reik na die sterre met prys van R2,3-miljoen

deur Tisha Steyn


VEA Stud Breeders het onlangs die boerbokram, Next Level, vir R2,3-miljoen van Lukas en Abraham Burger van Griekwastad gekoop.

Vir William Smit, besturende direkteur van VEA Stud Breeders, is Next Level nie net 'n boerbokram nie, dis 'n droom wat vlerke gekry het. Hierdie uitsonderlike ram, wat onlangs vir 'n rekordbedrag van R2,3-miljoen aangekoop is, is die nuutste trots van 'n stoet wat met oorgawe en toewyding geteel word.

Next Level, geteel deur die welbekende Lukas en Abraham Burger van Griekwastad, is pas bekroon as agttand-wêreldkampioen tydens die SA Boerbok Wêreldskou in Bloemfontein – 'n prestasie wat sy naam reeds in die boerbokgeskiedenis inskryf. Die ooreenkoms tussen VEA Stud Breeders en die Burgers is privaat gesluit vroeër in die jaar, maar die impak van dié transaksie eggo wyd.

"Hierdie ram is 'n een-in-'n-leeftyd tipe dier," sê William met oortuiging. "Volgens die stoetteelstandaarde is hy so naby aan perfek as wat 'n mens kan kry – sy kop, sy kleur, sy raamwerk, alles is net reg." William straal wanneer hy oor Next Level praat.

## Prentjiebok met presisie geteel

"Next Level se kleur is uitsonderlik, die kopstruktuur lank en breed, sy horingformasie 100% korrek. Sy nek dra sy kop met trots, wat vir ons 'n swaar, dominante tipe gee. Sy beenwerk is sterk en proporsioneel – ideaal vir spiermassa en vleisproduksie," verduidelik William.

"Sy nageslag is ewe indrukwekkend," voeg William by. "Jy kan hom op enige ooi gebruik en die uitkoms is keer op keer buitengewoon. Een van sy dogters het selfs tweede plek behaal in die Wêreldskou!"

## Droomkudde

Next Level se toekoms lê in 'n spesiale teelprojek met sorgvuldig uitgesoekte ooie. "Enige dogter van Formule One sal ook deel wees van hierdie uitverkore groep. Ons wil die beste van die beste teel: swaar, vinnig-groeiende diere met stoetteelstandaard-korrektheid en uitstekende karkaseienskappe."

Wat bring Next Level wat ander nie kan nie? "Hy voeg 'n tipe by wat uniek is. Sy kleur, sy raamwerk, sy genetiese impak – dit is ongeëwenaar."

## Formule One - 'n stamboeklegende

Hoewel Next Level nou die kroon dra, bly Formule One 'n sentrale figuur in VEA Stud Breeders se storie.

"Hy het ons op die kaart gesit," sê William. "Sy bydrae tot ons stoet, sy uniekheid, sy persoonlikheid – Formule One is 'n klas van sy eie."

Die Formule One-lammers word binnekort bemark, maar baie van die ooie sal in die kudde bly om met Next Level geteel te word. "Dit is 'n kragtige kombinasie," sê William. "Ons sal slegs rammetjies aanhou as hulle Formule One oortref, en dit sê baie."

**"Hierdie ram is 'n een-in-'n-leeftyd tipe dier."**

## Genetika vir die toekoms

Next Level is verseker, maar die genetiese erfenis word ook deur gevriesde semen bewaar. "Ons sal strooitjies produseer, soos met Formule One, maar dit sal eers later te koop wees," verduidelik William. "Dié ramme herdefinieer die bedryf; hulle is nasionale bates."

William het groot respek vir die Burger-stoet, wat al menige legendes opgelewer het. "Maar", sê hy met oortuiging, "Next Level is in 'n klas van sy eie. Daar is niks soortgelyks in Suid Afrika nie en dalk nêrens in die wêreld vir die volgende dekades nie."

## 'n Visie vir wêreldklas-boerbokke

VEA Stud Breeders het 'n duidelike visie: om die wêreld se swaarste, snelgroeiendste boerbokke met die hoogste genetiese en fenotipiese standaarde te teel. "Met ramme soos Formule One en Next Level, is daardie droom binne bereik."

## Meer as net boerbokke

Hoewel boerbokke die hart van VEA Stud Breeders vorm, is die onderneming veel meer, soos die inheemse veldbok Cape Lob-ears. Daar word met sowat 80 van dié ooitjies met hulle uitsonderlike kleure en velpatrone op 'n afsonderlike deel van die plaas geboer.

Onder die Goats Window-handelsmerk het hulle ook die Fortune 500-projek. Top wild soos buffels, springbokke en koningswildebeeste word geteel met dieselfde standaard van genetiese uitnemendheid. "Ons wil die beste jagbulle teel en die mooiste vroulike diere in die mark aanbied," sê William.

Springbokke met lang horings en koningswildebeeste van hoogstaande gehalte is volgende op die lys. "Die mark is gereed, en ons wil voor wees," sê hy met vuur in sy stem.


Volgens William Smit van VEA Stud Breeders, voldoen Next Level aan al die rasstandaarde.

## 'n Toekoms van krag, toewyding en prestasie

Vir William Smit en sy span by VEA Stud Breeders asook by Goats Window is dit nie net 'n boerdery nie; dit is 'n roeping. Elke dier, elke teelprojek, elke besluit word met oorgawe geneem. "Dit is ons droom om 'n wêreldklas-kudde op te bou – en met ramme soos Next Level en Formule One, is ons regtig op die volgende vlak."

**Kontak William Smit by VEA Stud Breeders by 082-374-8811 vir meer inligting.**

# GALLAGHER powers conservation efforts *for cheetah*

by Natasha Pretorius




The Gallagher MBS2800i energizer and Wi-Fi app Gateway system.





The pregnant cheetah in her new home at Karongwe Private Game Reserve, protected by Gallagher Animal Management.

Although cheetahs are not entirely endangered yet, they are walking the line. Currently these animals are classified as vulnerable with only around 6 500 remaining in the wild worldwide.

The largest threat to the cheetah population is the loss of habitat, human-wildlife conflict, poaching and illegal trade.

The Karongwe Private Game Reserve realised the importance of protecting one of their cheetah females and Gallagher Animal Management stepped in to lend a helping hand.

## Cheetah in need

Edwin Young, Warden at the Karongwe Private Game Reserve explains that one of their cheetah females stepped in a thorn and as a result she got infection in her leg. Because she was vulnerable, they decided to treat her.

"This is not the normal route for most wildlife, but given that their conservation status is up as endangered we make sure that we look after them," Edwin said.

Karongwe has been a dedicated customer of Gallagher for more than fifteen years and when Gallagher heard about the cheetah they wanted to help.

Gallagher sponsored a solar energizer with an app Gateway to the Karongwe reserve for their cheetah boma. The electrified boma will keep the cheetah safe and will keep other predators from her.

## The Gallagher set-up

For this cheetah enclosure Gallagher installed a MBS2800i solar energizer. This unit provides 24-hour remote monitoring and control with the Gallagher Ag Devices mobile app. The app allows you to monitor performance, fence faults and turn the fence on and off.

Henry Venter, Inland Territory Manager of Gallagher, said they also installed the Wi-Fi iSeries app Gateway with the eye on future expansions.

"The app Gateway will assist the reserve when they want to expand. It will give them visibility over all their energizers and fences for the whole reserve," he explained.

The iSeries app Gateway has Bluetooth connectivity to update the AG Devices app with immediate performance information as you walk or drive past the energizer.

The entire system is neatly fitted into a panel that was generously donated and built by Devtech civil and electrical contractors and runs from a solar panel and can be controlled from your smartphone.

## A massive surprise

Once the cheetah was safely placed in her newly electrified boma, the vet confirmed that she was pregnant.

The Reserve decided to let her have her cubs in the boma. This will help



**Edwin Young, Karongwe Private Game Reserve Warden, testing the electric fencing.**



**Edwin Young, Karongwe Private Game Reserve Warden, with Henry Venter, Inland Territory Manager for Gallagher.**

with genetics and help repopulate other game reserves that also need new genetics to contribute to their diversity.

"We are incredibly lucky to be here and to be able to help her out. We thank Gallagher for their contribution to these conservation efforts," says Edwin.

"Karongwe is a unique park. One of the Gallagher values is social responsibility, and we are committed to sustainability in all aspects, including conservation. We want to be part of our communities and would take on a project like this in the future again," said Henry.






**The panel for the Gallagher system was donated by Devtech.**








TUGELA STEEL
STEEL STRUCTURES
QUALITY • INTEGRITY • SERVICE
THE TRUSTED NAME IN STEEL STRUCTURES FOR OVER 40 YEARS.
Tugela Steel, Block A, Sunbury Park,
Douglas Saunders Drive,
La Lucia Ridge, Durban
Phone: +27 31 566 4601
Email: sales@tugela.co.za
Website: www.tugelasteel.co.za
AVAILABLE STEEL STRUCTURES
• Farming Sheds
• Prefabricated Steel Buildings
• Industrial Steel Structures


elica
ELICA ADVANCED SUSTAINABLE PROCESSING SOLUTIONS
Elica PROcessing is a trusted manufacturer of high-performance equipment for dehulling, oil extraction, grain storage and seed processing.
• Innovative, energy-efficient solutions designed for sustainability
• Proprietary technology for enhanced processing efficiency
• Protein enrichment for sunflower meal
• Turn-key systems tailored for productivity and reliability
• 24/7 support for uninterrupted operations
+27737093646
+27829381164
s.africa@elica-pro.com
Johannesburg, SA
www.elica-pro.com


A HAVEN OF HORSE WARE & ACCESSORIES
The place to go to for all your outdoor, leisure products, equestrian accessories and custom embroidered items.
Saddle Pads
Custom designs
Embroidery
Custom accessories
Accessories
Horse boots repairs
General repairs
Vests
Horse and Leisure
Live The Lifestyle
H&L manufacture SANESA kits for Schools and Yards. We also offer branding.
We courier nationwide!
info@horseandleisure.co.za
083 734 2708
www.horseandleisure.co.za


WFSA
WHOLESALE FENCING SA
Posts
Gates
Field Fence
Razor Wire
Barbed Wire
Welded Mesh
Electric Fencing
Roof & Reinforcing
Hexagon Wire Netting
Droppers And Standards
Galvanized Wire In Coils
Wholeview Panel Fencing
Diamond Mesh/Chain Link
+27 44 868 0474
+27 51 880 0220
+27 12 682 0150
22b Pioneer St, Pacaltsdorp, George
23 Krause St, Oranjesig, Bloemfontein
52 Jakaranda Street, Hennopspark, Centurion
https://www.wsfafrica.com


algar@algar.co.za
www.algar.co.za
082 324 6256
ALGAR
IND BK
Veehanteringstoerusting
Livestock Handling Equipment


SELF LOADING BALE TRAILER
Bale Loader
A trailer that easily loads and unloads round bales in the field. It can handle 6-9 bales at a time and is managed hydraulically by the tractor's driver.
KANNA
industries
kannaindustries.co.za | willa@kannaindustries.co.za | (+27) 72 333 1051


WIRE
WORX
MANUFACTURERS OF:
Square Dump-bins - collapsible
Wire mesh staff lockers (1-6 doors available)
Stackable baskets (various sizes available)
Pharmacy baskets
Round dump-bins
PRETORIA
Tel: 012-333-0229
Email: info@wireworx.co.za
www.wireworx.co.za



# FEEDERS DESIGNED FOR OPTIMAL FEED DISTRIBUTION

TALTEC



Calf Creep Panel 2,3m
(Adjustable height)
**R2 900-00**
excl VAT & Delivery



Cattle Feedlot Trough 2,4m
(Standard, with divisions or roof)
From **R4 150-00**
excl VAT & Delivery



Cattle Ring Feeders 1,4m & 2,3m
(with or without green fibre bin)
From **R2 150-00**
excl VAT & Delivery



Cattle Ring Feeder with plate
(1,5m & 1,9m)
from **R4 750-00**
excl VAT & Delivery



Cattle Self-Feeder
(1,85m & 2,45m)
From **R16 500-00**
excl VAT & Delivery



7 Theuns Mulder Street, Brits, South Africa, 0250
(+27) 12 250 2188 | sales@taltec.co.za | (+27) 66 299 7939

SCAN ME

SCAN ME




**PROUDLY SOUTH AFRICAN for OVER seven decades, Willard Batteries has been the trusted name in battery technology, delivering locally built power solutions tailored for the demands of our agricultural sector.**

Generations of South African farmers rely on Willard - and the next generation will too.

Need power solutions for your farm? Our expert local field service team is ready to visit, assess, and equip you with the right battery solutions to keep your business moving forward.

**WILLARD. THE POWER OF TECHNOLOGY.**

MADE IN SA

www.willard.co.za 0860 12 00 12

Willard Batteries®

THE POWER OF TECHNOLOGY

Agri4all


STPP
STEEL TUBE & PIPE PROFILES
FROM FIELD TO FEED:
Maximise every bale's potential
Cattle bale ring
R1 750
excl vat
PROMOTION VALID UNTIL THE END OF JUNE.
Sheep bale ring
R1 000
excl vat
WE DELIVER NATIONWIDE!
Bloempark 2, Vanderbijlpark AH, Gauteng, 1911 www.steeltubeprofiles.co.za
+27 665 568 616 I +27 728 794 871 I +27 100 230 786
Email: sales@steeltubeprofiles.co.za


Leaf springs | Suspension components | Bucket repairs
Agricultural Components | Trailer builds and repairs
Coil springs | Wear Components
SPRINGTECH & ENGINEERING
Bounce back with spring tech
Repairs and engineering of agricultural components.
We offer a wide range of 4x4 equipment and upgraded suspension.
060 961 1405
sales@springte.co.za
18 Platinum Str, Lydenburg, 1120


We ASSIST in the assembling of parts for all spraying equipment
Our Expertise Includes Assembling:
Nozzles
Nozzle Holders
Jacto Pumps
Strainers
Clamps
Hose & Fittings
Tanks
And much more!
We stock Quantum & ARAG Parts
We supply and deliver nationally
Excellent Client Service
WES TRANSVAAL SPUITPARTE
060 960 6038 | 27 Mathew St, Lichtenburg, 2740, South Africa


PAS OP TREKKER 3-PUNT | VOORSIEN MET DRYFAS, STAAL KABEL EN PLATBAND | VERVAARDIG VAN HOË GEHALTE STAAL
Meganiese Boom Skudder | Mechanical Tree Shaker
SAVE LABOUR & TIME this fruit harvesting season
FITS TO TRACTOR 3-POINT | SUPPLIED WITH DRIVEAXLE, STEEL CABLE AND WEBBING SLING | MANUFACTURED FROM HEAVY DUTY STEEL
Erich | 082 415 1441 | oryxtrader@gmail.com
http:www.youtube.com/watch?v=kTQKU7pYR2Q


INTERPUMP
HYDRAULICS
SOUTH AFRICA
Complete range of hydraulic cylinders, pumps, valve and tanks
Available for the mobile and agricultural market.
Wide range of hydraulic hose, fittings and adaptors with Cutting and crimping machines
for a complete manufacturing solution at competitive pricing.
Head Office - JHB - Jet Park
Tel: +27 11 824 5494/5
marketing@interpumpsouthafrica.co.za
Kitwe - 3063 Nyerere Road
Tel: +260 761 54 21 74
sales@interpumpsouthafrica.co.za
Branches:
Cape Town - Stikland Ind.
Port Elizabeth - Neave
KZN - Westmead
www.interpumpsouthafrica.co.za


MAGI-CLAMP
disa
2005
Established in 2004• Magi-Clamp is a patented product: South Africa (ZAP/2006/10395)
MULTI-PURPOSE CLAMPING & BINDING TOOL
CUTTER
PLIERS
DELUXE
WIRE IS THE BEST CLAMPING MEDIUM IF YOU ARE USING THE CORRECT TOOL
HOSE CLAMP IN LESS THAN 30 SECONDES
Easy to use | Utilises maximum strength | Uses any type of wire up to 4 mm | Does not damage the wire | Cuts off wire ends | Carries a lifetime guarantee
WATCH IT IN ACTION!
Durable | Easy to use | Multi-purpose | Clamping tool | Money saver | Effective binding power
JUMBO
GURANTEE
BUY MAGI-CLAMP! BEWARE OF IMMITATIONS.
082 657 7560 | neels.grieshaber@gmail.com | www.magi-clamp.com


Aftermarket Parts
25 Years Cummins Experience
Jumanje
Procurement Services
Power Parts
AGRICULTURE • AUTOMOTIVE • CONSTRUCTION • MINING • EARTHMOVING
SERVICE AND YOUR DOWNTIME IS OUR PRIORITY!
Distributor for Cummins / Komatsu / Case / Dongfeng / Faw / Perkins / Tata / JCB - Related aftermarket engine components
High quality aftermarket & replacement diesel parts
A wide range of 8pk Belts and Filters
Carradine Varkevisser
060 525 9943
carradine@jumanje.co.za
Office
011 976 1242 / sales@jumanje.co.za
Michael: 063 753 6466
Facebook & Instagram
@jumanje4u


NEW MARKET MOTOR CO.
START / FINISH
mahindra
ALBERTON
THE GAME
CHANGER
S4 Game Viewer
Only
R560 000
Mahindra PIKUP
5 YEARS
150 000KM*
WARRANTY
24 HR
TEST DRIVE
*T's & C's Apply
Exclusive to Mahindra Alberton


FENDT
700 VARIO
GEN 7
STEL 'N NUWE MAATSTAF
IN DIE 200-300 PK KLAS
TRACTOR OF THE YEAR
TOTY
Winner
2025
Opgradeer van Alledaags
na Uitsonderlik!
Krag tot
303hp / 223 kW
Brandstofbesparing tot
15%
met traplose
VarioDrive-transmissie
Ontsluit as standaard:
Veranderlike Tempo
Seksiebeheer
CenterPoint
ISO Bus
Outo-koplanddraaie
FENDT
5 JAAR
5000 URE
WAARBORG